# Afdeling 3 :

# ANDER LEKKER STORIES

# Afdeling 3 :
# ANDER LEKKER STORIES


3.1 “Geagte Rektor, Dit spyt my baie …”

3.2 Sleep-stories

3.3 “Gaipianisme” aan die PUK (laat dertigerjare)

3.4 Visdam- en watervoorstories

3.5 Spokery in die militêre begraafplaas

3.6 “Die klankgrens en die gebreekte broek”

3.7 “Die oudstudente op hulle mouterbaaiks”

3.8 Die “Uitspan Baaisiekel Hênnikêp” (1956)

3.9 “Groot Frans” en “Prof Bossie” se drot (stootskraper)

3.10 Plattelandse fondswerwing en studentewerwing

3.11 Koue water vir dr Kaunda!

3.12 Agter ‘n gordyn, en “In Absentia”!

3.13 Verstrooide professore ...

# 3.1 Geagte rektor, dit spyt my baie ...



Rektor Ferdi Postma ... het self verskonings vir afwesigheid hanteer!

Omring deur viserektore, registrateurs, direkteure, dekane en talle ander funksionarisse wat almal besig is met strategiese beplanning, rasionalisasie en transformasie, is dit ongehoord dat 'n universiteitsrektor hedendaags hoegenaamd sou kennis neem van 'n individuele student se klasbywoningsrekord. Trouens, dit wil voorkom asof sommige dosente deesdae nie meer "geswaai" is of 'n student klasse bywoon of bank nie …

Vroeër was dit natuurlik anders.

Eens op 'n tyd moet elkeen wat 'n klas gebank het, skriftelik by die hoogste uitvoerende beampte van die universiteit nie net verskoning maak nie, maar ook redes vir afwesigheid voorlê. Afhangende van die geloof- en aanvaarbaarheid daarvan is daar teen die "sondaar" opgetree – of "amnestie" verleen!

Donderdag 18 Mei dié jaar was Hemelvaartdag.

Met die vermoede dat studente dié dag "as vakansiedag sou behandel" laat prof JC van Rooy vooraf 'n kennisgewing opsit dat geen verlof vir afwesigheid toegestaan sal word nie en versoek hy dosente om die name van afwesiges in te handig.

'n Week later word die lyste deurgegee na rektor Ferdinand Postma, om na goeddunke daarmee te handel.

Altesaam 18 studente het die Geskiedenis I-klas van dosent DW Krüger nie bygewoon nie, vyf was by Wiskunde afwesig, 'n stuk of tien het nie vir Sielkunde opgedaag nie en nog 'n klompie het twee of drie ander kursusse gebank. Van die raps meer as 50 afwesiges, het vyf nie verskoningsbriewe ingehandig nie.

Nou wat sou die belhamels aanvoer, as redes vir afwesigheid?

Blaai deur die pakkie briewe op papier van allerlei grootte en kleure, en 'n mens word getref deur die uiteenlopendheid van redes en die besondere wyse waarop dit oorgedra is:

- " … deurdat ek siek was. Ek het gemeen om dr. Kruger in kennis te stel, maar dit het my heeltemal ontgaan."
- " … aangesien ek 'n gratis geleentheid gehad het om na Bloemfontein te gaan en noodsaaklik moes gaan."
- " … ons wou graag by die troue van 'n niggie wees."
- " … weens die feit dat ek verkoue gehad het."
- " … want ek was siek aan 'n swaar influenza."
- " … 'n ligte aanval van griep gehad. Op die bewuste môre het ek 'n sweetmiddel ingeneem om 'n geweldige hoofpyn te breek."

Enkele studente het huislike omstandighede en probleme as redes voorgehou terwyl een, wat finansieel van 'n boerdery afhanklik was, dit goed gedink het "om eerder dringende [boerdery] sake te reël". Een, wat sy siek moeder besoek het, hoop dat sy nederige verskoning aanvaar sal word "aangesien ek dit gedoen het vir 'n saak wat na aan my hart lê". 'n Ander voer aan dat sy aanwesigheid

onmisbaar was vanweë 'n boedelsaak tuis.

'n Motor wat gebreek het, oë wat getoets moes word, 'n tenniswedstryd te Pretoria, 'n dringende boodskap van ouers wat in klastyd in die dorp ontvang moes word …

Nog 'n student het sy klas gemis deur wat hy noem 'n "blote ongeluk", en hy het verduidelik: "Die rede is, dat ek onbewus gemeen het dat die klas om 12: 05 begin in stede van 11:10. Toe ek my boeke 'n rukkie voor 12 kom neem om klastoe te gaan, het ek my tot my spyt herinner dat die klas reeds so te sê verby was". Dit spyt die student "dat ek u die onnodige moeite moes aandoen" en hy is "hopende dat u my rede sal verstaan"!

Die later bekende mnr HM Robinson (oom Robbie van Openbare Betrekkinge-faam) was ook een van die afwesiges: "Dit is my opgedra", skryf hy ewe formeel, "om u in kennis te stel" oor die rede vir sy afwesigheid. Maar toe hy by die klas arriveer, "was Dr. Kruger alreeds besig en wou ek nie steur deur in te gaan nie"! Die beste, mees humoristiese verskoning was egter dié van die los skoenveter!

*5 Junie 1939*

*Geagte prof Postma,*

*Dit spyt my baie dat ek u en ander lede van die staf soveel onnodige moeite gegee het deur nie teenwoordig te gewees het by die lesing van lektor Malan van Toegepaste Wisk[unde] I nie.*

*My afwesigheid is veroorsaak deur 'n los skoenveter. Na die Wisk[unde] I-lesing was dit pouse en ek het gou afgery na die poskantoortjie om "Die Huisgenoot" en "Die Brandwag" te kry. Ek sien toevallig dat my een skoenveter los is. Ek buk toe om dit vas te maak en ongelukkig bars my broek se naat agter los. 'n Paar dames wat aankom noodsaak my om 'n ruk met my rug teen die boom te staan totdat hulle verby was. Gelukkig hang my baadjie tot op die saal as ek ry en ek kan veilig by die huis kom. Dit was ongelukkig al te laat vir klas en kon dit gevolglik nie bywoon nie.*

*Hopende dat u sal verstaan,*


*Bly ek,*

*U berouvolle student,*

*G.P.S. Yssel*

Hoe het die rektor op hierdie en al die ander verskoningsbriewe gereageer? En wat nou gemaak met die "oortreders"?

Die man met die los skoenveter het, volgens die nota bo-aan die briefie, die rektor geamuseer en skotvry daarvan afgekom: "Interessant. In orde." Siekte en afsterwe van 'n vader, 'n botsing met 'n praktiese klas, 'n oog met infeksie en 'n motorongeluk as redes is deur prof Postma in orde gevind, maar die ander verskonings is verwerp en betrokkenes is met 1% van hul jaarsyfer beboet!



Dr DW Krüger. Agtien studente het dié besondere dag sy klas gemis. Dit word vertel dat drie damestudente by geleentheid (dalk hierdie keer?) 'n klastoets by hom ge-"bank" het, toe 'n vriendin van Bloemfontein kom kuier het. Hul rede: hulle het 'n troue in Bloemfontein gaan bywoon en op pad terug het 'n band gebars … Hy was so gaaf om hulle weer 'n kans te gee om die toets af te lê. Papiere uitgedeel, laat hy hulle uitmekaar sit in die klas en gee toe die vraag vir die "toets", terwyl hy hulle spits dophou : "Skryf net neer watter wiel het gebars"!



HM Robinson … In sy studentejare 'n laatkommer by dr Krüger se klas, was hy "bedagsaam" genoeg om nie te "pla" nie!

# 3.2 Sleep-stories

## 3.2.1 VAN MEET AF AAN ....

In die beginjare, destyds nog dáár in Burgersdorp en toe die Teologiese Skool net ‘n “manne-klub” was, was sleep dus ‘n “buite-bedrywigheid”. En hiervoor het veral kerknaweke hom uitstekend geleen. In sy herinneringe **[kyk 1.2.1., bo]** het JA van Rooy reeds gemeld dat groot kerkgeleenthede “die aangenaamste geselskapstije” van die studente van destyds was, en hoedat op Saterdag- en Sondagmiddae “lang spanne jongmense van beide sekse” afgepaar en hul eie koerse gekry het – maar meestal na die mooi parkkerkhof met sy baie bankies. In die eerste lewenskragtige studentevereniging te Burgersdorp, die Studente Letterkundige Vereniging, is dames aanvanklik langtand toegelaat. Conversatione-aande (verskeidenheidskonserte) is egter goed benut vir sosialisering met lede van die teenoorgestelde geslag, soos skynbaar ook die tennisspelery. Die Amicitia-tennisklub het naamlik ook met ‘n aantal dameslede gespog. Dat tennis soms slegs ‘n bysaak vir manstudente was blyk uit ‘n belydenis van ‘n jongeling dat hy elke middag ‘n draai by die tennis gaan maak “want DIE SKONE GESLAG is mos daar dan vergeet ons biekie die Latyn, Grieksch en Hebreeuws, en ons stap biekies meer regop”.



Tennis te Burgersdorp … “want die skone geslag is mos daar …”!

Hofmakery – oftewel “sleep” – was verder veelal beperk tot die eie, enge kring waarin destyds beweeg en gekommunikeer is. Vier van eerste “leeraar” of dosent, ds (later professor) Dirk Postma se dogters is deur studente opgeraap (JA van Rooy, Jan Lion Cachet, JA du Plessis en JD du Toit) terwyl Cachet self later die skoonvader sou word van die bekende prof JC (Joon) van Rooy. Skoonseun Van Rooy vertel dat die waaksame, belangstellende oog van ou vader Postma selfs oor die hofmakery by sy dogters toesig gehou het “en moes alles in verband daarmee inpas by die deeglike ordelikheid van die gesin Postma”. Hyself moes onderneem om eers sy studies te voltooi voordat hulle kon trou – maar hy het so lank studeer dat hy op die ou end tog maar moes trou met “die nooi, wat al enige jare op mij klaarkom gewag het”, en wat, terwyl hy by haar moeder geloseer het, die studie vir hom “lastig gemaak het”!

Hierdie soort “ondertrouery” was aan die orde van die dag en is as eg Afrikaanse lewenswyse beskou. Van Rooy vertel verder: “Die studente het een dag ‘n vergadering gehou om hulle verwantskap na te spoor en ons het dit ook reg gekrij. Die verste was ‘n takhaar student, wat s’n nooi op een of ander wijs ‘n agterkleinniggie was van ‘n ander student s’n vroutje. Sij verloofskap is wel uitgeraak, maar naderhand is hij tog so getroud dat hij in nouer betrekking



tot die main klomp geraak het. Nee, ons was nie somaar 'n deurmekaarspul. Ons was eg onder ons. Die professors en die predikante s'n dogters kon reken op 'n student, vroe'er of later en hulle seuns het ok gou maats gemaak met die ander studente wat mooie en goeie sussies het."

Dié uitlatings van Van Rooy is gemaak in 1915. Hy het egter daaraan toegevoeg: "Te'enswoordig gaat dit glo anders, né?"

Skaars twee jaar in Potchefstroom, ontvang die studentekoerant teen die einde van 1906 'n brief van 'n junior student "en hij klaag klipsteenhard, dat hij op Potchefstroom nie genoeg nooiens kan krij om te vrij. Hij verlang na die vlijs potte van Egypte (Burgersdorp) waar die kerels so lekker 'conversatione' gehou het en die nooiens bij sulke gelegenhede sijn hart ver goed gesteel het." Wat die redakteur presies bedoel het, is nie duidelik nie, maar hy het die student gewaarsku: as die nooiens van sy brief hoor, is sy kerk uit "en sal hij zeker nie hier stop nie".

In 1907 word 'n studente-byeenkoms gehou waartydens die emansipasie van die vrou bespreek word – deur die manstudente, natuurlik. Daar is "mooi en toch deftig" gepraat, en daar was erns en humor in die debat, lui die berig daaroor. Hy wil nie die dames kwaad maak met die uitslag nie, sê die skrywer, maar vereenselwig hom met die spreker "wat VER die vrouw en TEGEN die EMANCIPASI van di vrouw" gepleit het. Die argumentasielyn het só geloop: Die vrou is swak, teer en mooi – en daarom: die vrou het beskerming nodig, het sorg nodig en moet opgepas word [seker teen 'wolwe'!]. Die man beskerm, versorg en pas die vrou op – daarom moet die vrou nie geëmansipeer word nie! "Alles het darem mooi afgeloop", blyk dit: die vrouens het nie kwaad geword nie en almal kon tevrede huistoe gaan.

Waar dames voorheen hoogstens tydens gesellighede kon deel in die wel en wee van die manstudente, word hulle in 1910 op beperkte grondslag toegelaat om as studente te registreer. Dit het groot blydskap onder die manne tot gevolg gehad en hulle is van harte verwelkom. Dit sou die sosiale verkeerspatroon onder studente op die Bult ingerypend beïnvloed en daar sou voortaan ywerig gewedywer word om in die goeie boekies van hierdie paar dames te kom.

Maar die toelating van dames tot die voorheen eksklusiewe "mansklub" het ook 'n newe-effek gehad, soos blyk uit 'n rubriek in die studentekoerant: "Wat fluit die voëltjies? Dat Kameel beweer dat die nooiens hom tog maar al te danig afbreuk sal doen aan s'n werk en hom dus tot nadeel hier is." Kameel se hart en mond het kennelik nie dieselfde taal gepraat nie!

Nadat die skeiding tussen die skoliere tot matriek en egte studente teen 1916 voltrek is, het die Literariese Departement in 1917 sy heel eerste volwaardige damestudent gekry, Martha Lugtenburg. **[Kyk 2.7.]** Vir enkele jare was sy die enigste roos onder die manlike dorings en het die eer om haar hart te wen, die lewendige Willem de Klerk Kruger daar vanuit Steynsburg se wêreld te beurt geval. Die titel "Groot Eensame" wat tydgenoot Jacs van Rooy haar gegee het, was eerder 'n eretitel, met die klem op die "Groot" terwyl "eensame" meer dui op die feit dat sy alleen-dame was.

Vanaf die twintigerjare het meer dames drup-drup bygekom **[vergelyk Sophie Spoelstra se herinneringe, in 1.2.6.]** en was hulle uiters gesog onder die manlike geslag, al was die reëls baie streng en is hul omgang met mans baie ingeperk.



Martha Lugtenburg, die "Groot Eensame", wat W de K Kruger se hart gesteel het.





"Pieknieks en liefde". In JC van Rooy se foto-albums is kiekies onder bogenoemde opskrif ingeplak. Die twee foto's hier en die een op die teenblad dateer uit die middel en tweede helfte van die tienderjare en toon aan hoe daar gesellig verkeer is.

Jacs van Rooy, 'n student uit die middel-twintigerjare, het sy herinneringe oor 'n breë spektrum van die studentelewe opgeteken en kon ook oor hierdie amoreuse onderwerp saam praat: "Tussen die jare 1920 en 1927 was Puk-dames nog baie min. Hulle het hulle plek volgestaan, en 'n énige rol gespeel. Miskien is die woord 'eensaam' ook van pas. Ja, hulle was skaars. Manstudente het oormekaar geval as hulle nooiens moes vra vir 'n piekniek of vir 'n soortgelyke gebeurtenis. Ons het bloedjong Gimmie-dogtertjies gevra, tot groot ontsteltenis van ouers en onderwysers! Hier en daar kon jy spoorsny in die dorp. Girls' High was 'n uitkoms vir meer as een. Van die dapperstes het 'n inval in die Convent gemaak. Bywyse van uitsondering het 'n ou vir hom 'n nooi van buite bestel, wat die betrokke naweek by familie of vriende in Potch. deurgebring het.


"Toe die Poot-dames later bykom het dit beter gegaan."

In Anna Kruger se tyd, die vroeë dertigerjare, was die skaal nog taamlik ongebalanseerd. Lees maar [1.2.7] hoe beskryf sy die man-soekery en omgekeerd die vrou-soekery destyds aan die PUK, en hoe dit toegegaan het tydens besoekaande ("sleeptyd") by die dameshostel, Postmahuis.

Ook Kona d'Assonville het 'n paar sleepstories te vertelle, haar eie inkluis, terwyl latere eggenoot "Jan Tandjies" van der Walt ook verwys [kyk 1.2.8.] na die skaarste aan dames op die PUK. Gelukkig, sê hy - 'n waarheid wat vir baie dekades vorentoe nog sou geld – was die weivelde by Pote (POK) goed. Ten spyte van kwaai mededinging op die sportvelde was PUK-POK slepe, kyse en latere huwelike redelik aan die orde van die dag.

Die PUK-meisies het mettertyd meer geword, sodat daar uit eie geledere toenemend in die manstudente se behoefte aan "teenoorgestelde" geselskap voorsien kon word. Daartoe het onder meer die "Goldrush" bygedra.

## 3.2.2 "OUVERTURE TOT DIE EERSTE BEDRYF VAN DIE 'GOLDRUSH'."



Die woord "Goldrush" (goudstormloop) slaan natuurlik op 'n bekende historiese verskynsel, naamlik wedlope tussen prospekteerders om goeie kleims af te pen wanneer nuwe goudvelde (ook diamantvelde) oopgestel word. Pas in 1927 het Wes-Transvaal so 'n stormloop beleef, toe ongeveer 30 000 hardlopers en die helfte soveel toeskouers – waaronder ook 'n paar PUK-dosente – in die Lichtenburgse distrik so 'n stormloop beleef het.

Die "Goldrush" aan die PUK was die jaarlikse "wedloop" van ouhere, pas na afloop van ontgroening, om die guns van oulike dore te wen; die een wat eerste met 'n door gekys het, het die "Goldrush" gewen. Dis nie mooi duidelik sedert wanneer hierdie tradisie aan die PUK geldend was nie; dat dit wel teen die 1940's in swang was, getuig die mededeling van prof SCW (Schalk) Duvenage. [Kyk 3.2.3.] In die meegaande bydrae, soos dit in die studentekoerant in Maart 1956 verskyn het, word die openingstoneel van die "Goldrush" komies uitgebeeld. Enkele identifikasies ten opsigte van rolspelers in die "operette" is nodig:

Hier volg dus nou "Ouverture tot die eerste bedryf van die 'Goldrush":

Ouverture tot die eerste bedryf van die


# *"GOLDRUSH"*

('n Opertette deur Heirich von Hengelen.)

Die ystergordyn skuif oop. In 'n goue waas van "torch"-ligte verskyn 'n allerpragtigste Doortji op die verhoog wat met diamante bestrooi lê.
In 'n skril skeermes-soprano hef die Doortji haar inougurele aria aan,

**Doortji:**

Kom dans met my, kom dans met
my!



WJ (“Kort Stoney”) Steenkamp ...
“Stoneyti de Corti”.



HJD (Hennie) van der Walt ...
“Hanni vadi Walti”.



FW de Klerk ... “Ewwie di Klerki”

Wat wil jy liewer, beter doen
As in die lentetyd te vry,
As alles mooi is, alles groen,
En as jy vry, jou lief te soen?

‘n Draaiki geklee in ‘n mislike “overall” van prefektrots verskyn uit die niet en onderbreek die Doortji se treffende aria met sy skort balk-bariton. Die Doortji sak in ‘n trans op die vloer neer. Die Draaki hef sy aria van teleurgestelde verbittering aan, na-demaal hy nie sleepkoning kan wees nie.

**Draaiki:**

Rooi satyn en strikkies – ‘n snaak-
  se skepsel ‘n vrou!
Strikkies van bont satyn en rose
  van krip in die rou,
En ‘n ewige lag om die mond wat
  altyd maar byt en snou,
‘n Opgetakelde spinnekop wat diep
  met haar pote klou.
Die Draaki verstyf in sy skoene.
Sy oë dop om soos ‘n verlepte slaai-
  blaar in die Karoo-son. Stoneyti de
Corti verskyn op die verhoog en sy
  stroperige liriese tenoor laat die akoes-
  tiek van die saal tril. Stoneyti: lewer
  sy area in die Hoog-Hollands.:

**Stoneyti:**

Geef een meisje bruine lokken,
Lippen nimmer moe of bang
Om te kussen of te jokken,
Heel het lieven leven lang.
Stoney snak na sy asem as Hanni
  vadi Walti op die verhoog verskyn.
In ‘n sagte kabaret-soprano dra sy haar
  verwarring met ‘n Vlaamse aksent voor:

**Hanni:**

O, sfinxlag om dien fijne mond,
O, raadsel dat ik nooit verstond.
Met ‘n tornadiese trilling in haar
  stem breek sy af as Ewwie di Klerki
  homself op die verhoog werp. Sy dra-
  matiese piep-tenoorstem vervul die he-
  le Vleuel met skrik.

**Ewwie:**

Die boek, so boeiend, werp ek neer,
Al is dit so bekoorlik nou,
Maak wawyd oop die deur, en teer
Word Sarie aan my hart gevou,
Wanneer hierdie onvergeeflike aria
op sy hoogtepunt is, ruis daar 'n oseaan van stemme van agter uit die ystergordyn op. Almal op die verhoog "join" ook in by hierdie solo,
Die Doortji se skeermestone skeur die ystergordyn in twee. Hartroerend dra sy haar vurige verlange aan die Oudami's voor. Die koor agter die ystergordyn neurie op lieder-wysie saam.

**Doortji:**

Gij Moeders,
Gij hoeders,
Der bloeiende jeugd,
Wat mort gij, wat noemt gij
De spijtigheid deugd.
Wat keert gij
En weert gij
De listige Min.
Die hoogtepunt kom egter eers hierna as ons eie plaaslike sniksanger Pauliti di Bruini in 'n snikkende hoë kontralto die swane-aria aanhef:

**Pauliti:**

Daar oorkant die (Wasgoed)-spruit,
Woon 'n baie mooi kind,
Hoe sal ek maak om haar te vind?
Dis te ver om te loop ...
(En sy baaisiekel se wiel was pap.)
As Pauliti sy swanesnik lewer, skuif die ystergordyn stewig toe. Alles is stil.
Die "Goldrush" het begin.



Paul de Bruin ... "Pauliti di Bruini".

## 3.2.3 GREPE UIT DIE "GOUDSTORMLOOP"





Schalk Duvenage en sy latere vrou Magdelena Malan.


(a) *Prof SCW (Schalk) Duvenage het by geleentheid met nostalgie teruggedink aan sy tyd se "Goldrush". Die PU-Kaner het só daaroor geskryf:*

"As akademikus en predikant het prof. Schalk diep spore getrap. Maar wanneer hy gepols word, vertel hy met 'n vonkel in die oog van 'n Puk van weleer.

"Man, hulle was gesogte artikels", onthou prof. Schalk oor die Puk-dames van die jare rondom 1935. In daardie jare het menige manstudent aan 'n sogenaamde 'goudstormloop' deelgeneem ten einde een van die kosbare paar damestudente te bekom.'


"Nie iets wat vandag geduld sal word nie, maar destyds was dit half noodsaak: van die sowat 300 Pukke in daardie tyd was daar net elf vroue. Prof. Duvenage het sy vrou, Magdalena, juis tydens so 'n 'goudstormloop' ontmoet. Hulle wou gou-gou verloof raak, maar destyds was dit taboe. Die nooi Malan, wat onder meer in 1940 hoofdame en SR-lid was, moes dus maar wag om mev. Duvenage te word."

*(b) Dat die "goudstormloop" vir sommige manne 'n saak van erns was, blyk uit die meegaande foto wat in 1969 deur Piet "Fotokuns" geneem is, met die meegaande onderskrif:*



**'n Goeie bewys dat die eerstejaar-dames by die ouhere gewild is!**

**Hierdie paar avonturiers het voo[r] die Studenteraadskantoor kamp opgeslaan sodat hulle eerste by die „skietlyste" kan kom. Hulle het reeds gistermiddag begin wag vir die kaartjies wat vanoggend om 4.30 vm. beskikbaar gestel is.**



## 3.2.4 VANAAND .., VANAAND …!

**Sleep het sy opwinding, maar ook sy frustrasies. Soos die arme "Eusopus" in 1955 sou ondervind. Vir hom was dit dáárdie aand nie net maanskyn en rose nie!**

**Die studentekoerant het sy storie gedra:**

**EUSOPUS SE "SKIETPARADE"**

*Skamerig kruip ek om die hoekie. Met pote plat van benoudheid en angstigheid sluip ek soetjies op die voordeur af. Siek van angs soek ek na die klokkie en nadat ek byna 10 minute met myself geredeneer het, raak ek hom met die voorvinger aan. Wat 'n skok!! Daardie skril geluid gaan my nog 'n senuinstorting laat kry! Sal ek nie maar nou spore maak nie? Net moed en selfbeheersing hou my voete stil en stewig op die grond. Ek gee hakkerig en stotterig, rooi van skaamte, my bestelling aan 'n skattige mooi dametjie. Nou dreig my hart om soos 'n Tjol Lategan [vermaarde Springboksenter wat soos blits deur gapings kon glip - PFvdS] tussen my tande deur te glip maar ek byt vas! Keer op keer herhaal ek die ou vraag-sinnetjie maar toe ek haar sien toe vergeet ek alles. Skaapagtig en verdwaas staar ek die allerlieflikste dingetjie op die aarde aan. Toe ek haar verleentheid sien proes ek 'n slag verleë en weer eens neem my gedagtes soos 'n rukkerige dieselenjin konkrete gestalte aan. Wat sal ek hoor?*

*"Ek sal saam met jou gaan. Ek is gelukkig nog nie geskiet nie." So soepel soos 'n besemstok en so lig soos 'n veertjie glip ek met 'n allervriendelikste groet, vol liefde, daar weg. Vandag is die gelukkigste dag in my lewe!*

*Met onverbloemde liefde en ywer nader ek die volgende aand die dameskoshuis. My tande is blink gepoleer en my hare lê asof 'n koei dit plat gelek het. Met ongekende moed en mannekrag bestyg ek die trappies. Ek laat haar roep. Mense! Vanaand gaan daar dinge uitbroei; as 'n hond nog nooit hare gehad het nie gaan hy dit vanaand kry! Hoopvol en met 'n ellelange glimlag staan ek al nader toe ek haar kammie sien.*

*Wat!! Nee, liewers dood maar nie dit nie!! Die aarde begin draai en die pilaar tree met soveel onbaatsugtige ywer nader dat ek net sterretjies sien.*

*SY IS GEHEK!!*

*So word gelukkige vergesigte verwoes en vernietig. Kan die koshuisowerhede nie nou maar 'n meer oorspronklike strafmiddel uitdink nie?*

## 3.2.5 'n TELEFOON VIR OOSTERHOF

Om 'n telefoon vir 'n nuwe koshuis te kry, was vroeg in die sestigerjare skynbaar nie 'n maklike taak nie. Die onderstaande dokumentasie vertel die storie van Oosterhof se telefoon.

**(a) Brief van inwoners Oosterhof, aan Posmeester, 14.3.1963**



Oosterhof

Oosterhof,
P.U. vir C.H.O,
Potchefstroom.
14 Maart 1963.
Die Posmeester
POTCHEFSTROOM.

Geagte Meneer,

Ons is die eerste intrekkers van die nuwe dameskoshuis op die Puk. Ons besit egter tot op hede nog geen telefoon nie, en vooruitsigte vir die toekoms is glo maar skraal.

Weens ons telefoonlose staat, wil ons hê u moet let op die uiterste konsekwensies wat vervat is in die volgende: aangesien die mens 'n sosiale wese is, kan hy nie alleen deur die lewe gaan nie. Daarby is ons nog lede van die vroulike geslag en gevolglik baie afhanklik van die attensies van die sterkere vat. Maar hierby moet nog gevoeg word dat die mansgeslag maar bra skrikkerig is om hul persoonlik na die koshuisvoordeur te waag, en gevolglik sal hul hul liewer wil verlaat op 'n telefoonafspraak. Daarom verkies die man dan ook 'n dameskoshuis ***met*** 'n ***telefoon.***

Die noodwendige gevolg van hierdie situasie is dus: omdat ons nie skiete kry nie, kan ons nie sleep (d.i. uitgaan) nie; omdat ons nie sleep nie, kan ons nie kys nie; omdat ons nie kys nie, kan ons nie trou nie – en wat 'n verlies vir die volk!!

Ons weet dat u nie die belangrikheid hiervan sal onderskat nie, en daarom wend ons ons tot u, omdat ons u as die aangewese kampvegter vir ons regte beskou.

Ons kan u verseker van ons innige dank en waardering, indien u ons in hierdie saak kan tegemoet kom.

By voorbaat dank.

Die uwe,

Die inwoonsters van OOSTERHOF.

**(b) Brief van Posmeester, aan inwoners Oosterhof, 15.3.1963**

Potchefstroom,
15 Maart 1963.

Die inwoonsters van Oosterhof,
P.U. vir C.H.O.
POTCHEFSTROOM

Aan die susters van Oosterhof,
die Posmeester se hoogste lof
in hul stryd so mooi en skoon
vir die kleinood – telefoon.

‘n Skietding moet jul dus nou kry.
Daarvoor gaan ons hard baklei,
anders kry g’n man ‘n vrou nie
en, dan kan jul ook nie trou nie.

Maar liewe soeksters na ‘n man,
hou tog uit so goed jul kan.
Jul bede gaan na Hoofkantoor
wat dit seker sal verhoor.

Die uwe,

Die Posmeester

**(c) Brief Posmeester/Afdelingskontroleur**

Die Afdelingskontroleur
Suid-Tvl

Die meegaande korrespondensie in verband met bogenoemde aansoek word ingedien vir ***simpatieke*** oorweging en dringende aandag, asseblief.

U sal saamstem dat die dames se probleem ‘n aangeleentheid is om oor bekommerd te raak, en in belang van ons land en volk – heersende toestande in ag geneem – vra ons tog of die departement nie in hierdie geval iets kan doen om die situasie te red nie.

JA Huyser
Posmeester

Potchefstroom
15 Maart 1963

# 3.3 "Gaipianisme" aan die PUK



Hitler, Mussolini en Stalin. … in hulle tyd, en saam met hulle "-ismes", het die "Gaipianisme" aan die PUK (alles natuurlik kamma-kamma) sy kortstondige opbloei beleef.

**Gert Hofmeyr**, 'n student dáár van 1938 se koers, beskryf hierdie vreemde verskynsel as 'n groepie jongmans (dit wil sê, PUK-studente) wat vrygeselstatus gehad het en gemaak het of hulle sonder vrouens kon leef. Maar wie sê! :"Een vir een het die manne lidmaatskap van die 'klub' verloor, soos wat die liefde vir die skone geslag begin blom het."

"Dit was die jare toe daar so diep in die driehonderd studente aan die PUK vir CHO was; daarvan was omtrent vyf persent dames. Ons het mekaar almal geken en ook gegroet. Dit was niks vreemds om as B.Sc.-student op 'n Sondagmore na kerk saam met jou tokkelok-vriende by die professor in Plantkunde of Filosofie te gaan teedrink nie.

"Dit was ook die era van die diktators en hulle –ismes: Hitler en die Nasionaal-Sosialisme, Mossulini en die Fascisme, Stalin en die Bolsjewisme, Hoggenheimer en die Kapitalisme en, les bes in Suidelike Afrika (die Puk altans) Haan en die Gaipianisme …

**SJ (Sarel) Pretorius**, die digter van die PUK se huidige Alma Mater, was self lid van hierdie byna eksentrieke "beweging" en hy het by geleentheid, in 1972, die destydse studente van die PUK op humoristiese wyse iets meer van daardie "klub" vertel:

"Ek onthou dat een van die klousules gelui het dat 'n lae I.K. verpligtend was. Geen student kwalifiseer vir lidmaatskap as hy nie 'n renons gehad het aan sulke afkeurenswaardige dinge soos badgeriewe, seep, skeerapparate van allerlei aard, kamme, borsels, skoon en heel sokkies en skoenwaks nie.

"Die omskrywing van 'n ordentlike slaapkamer het so gelui: bed onopgemaak, klomp ou vuil stukkende sokkies, fietspomp, tjoeps en spenners op die tafel, taaiers aan spykers teen die mure, studieboeke, halfleë fish en chips pakkies, jamblikke, leë en halfleë koeldrankbottels, sigaretstompies, dooie vuurhoutjies op die vloer. Op die dressingtable, die portret van ons hoofleier.

"Indien 'n student se persoon en sy kamer of taal vuil, en sy eksamenuitslag onbevredigend genoeg was, is hy toegelaat om lid te word.

"Die hoofdoelstelling was om hierdie toedrag van sake nie alleen onder die studente te propageer nie, maar ook tot die lektore en professore uit te brei. Die ideaal was om die Rektor, prof. Ferdie Postma, in te lyf. Visioene is gesien van hoe hy op 'n traisiekel met sy hoed agterstevoor na die Universiteit sou sy,




In 1972 is die eerste nuwe PUK kleurbaadjie aan SJ Pretorius oorhandig. Saam met hom verskyn Jannie Barnard, Jessica Cnoetze en Jacques Verster.

loshande die afdraende afjaag en 'jippie!' skree."


**Judie du Plessis (néé Goossens)**, weduwee van **Sarel J du Plessis** (latere professor in Semitiese Tale aan die PUK), gee aan die hand van 'n artikel in die studentejaarblad *Die Besembos*, onder titel "Viva la Gaaipianissimus!", *verdere* toeligting oor hierdie eksentrieke groepie op die destydse PUK-kampus":

"Gaaipe was nie wat die naam suggereer nie: agterlik. Inteendeel, die lede waarvan ek bewus is, was 'n uitgelese groep: die latere digter S.J. Pretorius (onder Gaaipe bekend as die groot Sarlossius of Sarlossius I), die latere professor aan Unisa, Jaap Steyn (Japetius van der Steynhelle), C.P. van der Walt, later professor in Staatsleer aan die PUK (C. Peitius), Sarel du Plessis, later predikant en toe professor in Semitiese Tale aan die PUK (Sarlossius II), Louis Postma, later prokureur, Japie van der Walt (Lord Japie), later onderwyser, Abraham Kruger (Lord Abie), later 'n sakeman, Duif Duvenage, later dosent aan die PUK, Hannes Coetzee, later dosent in Latyn aan die PUK en Floors Coetzee, later onderwyser.



Jaap Steyn... "Japetius van der Steynhelle"

"Die beweging was aktief aan die Puk tydens die dertiger- en veertigerjare. Daar is vergaderings gehou, en nuwelinge is gereeld uitgenooi, waar dit veral by hulle ingeskerp is dat 'n Gaaip net <u>op</u> armlengte, nie <u>binne</u> armlengte nie, van 'n meisie mog kom. Daar was selfs sprake van 'n eie universiteit: die Gatsrandse Universiteit vir Gaaipiaanse Hoër Onderwys, en daar was 'n argivaris. Dan was daar die hoofleier en streeksleiers. Enkele streke was bv. van Gatsrand tot by Tarentaal en van Tarentaal tot by Stop, Look and Listen ('n padteken, by die spooroorgang by die ou meule in Potchefstroom).



SJ (Sarel) du Plessis ... "Sarlossius II"

"Volgens die genoemde artikel was die Gaaipianisme 'n lewens- en wêreldbeskouing wat ontwikkel het uit die dekadente Westerse beskawing van na die Tweede Wêreldoorlog, toe die Gaaipkreet wêreldwyd opgeklink het: van Honolulu tot Hoikadu, van Zanzibar tot by die Maluti's en van Tahiti tot by Welikuluki. 'Toe het opgedoem die triomfantlike, onoortreflike, allesbeheersende visionêre Haan, die vader van die Gaaipianisme, die eties-filosofiese rigting van die twintigste eeu.'

**Eerste leier: Kaptein Haan**

"Haan is opgetower tot 'n legendariese figuur: ongenaakbaar, agter glas onsigbaar en agter sifdraad ontembaar. In dié tyd van Haan is die eerste groot en onvergeetlike vergadering gehou: <u>in die Bombaaisaal op die Maherrieplein</u>. Sarlossius I het die Gaaiplied gesing en daardeur die skare só opgesweep dat applous en snikke gewedywer het om die botoon. 'n Milde onthaal van karringmelk en bies het weer bedaring gebring. 'n Heildronk is op Haan ingestel met dikmelk. Haan het die skare stip aangekyk tot hulle oë getraan het. Sy woordelose rede het hy beëindig met: "Ek heb geseg". Daarna het die skare die saal ordelik in gelid verlaat, en by die deur is om die beurt 'n "Cream Cracker" en 'n "Marie Biscuit" uitgedeel.




CP van der Walt ... "C. Petius"

"Haan het daarna dramaties verdwyn van die wêreldtoneel, nadat hy laas op Machavi-stasie gesien is. Hierdie verskyning was só indrukwekkend dat sy skaduwee nog die volgende dag te sien was. Dié skadubeeld is ook in gips vasgelê en 'n afdruk hiervan is te sien in die argief te Fochville.

**Die tweede leier: Japetius van der Steynhelle**

"In sy rede verwys hy met tye na na sy werk, 'Scope and Practice of Gaaipianism', byvoorbeeld na bl. 2003a, voetnota! Hy het die leisels wat Haan op Machavi-stasie laat val het, opgeneem in 'n tyd toe 'antipolêre strominge gekristalliseer




SJ (Sarel) Pretorius ... "Die Groot Sarlossius of Sarlossius I"

het in die Jutsianisme, waarmee geaffilieer is die Platoniese liefde, die vrye liefde, naturelle-administrasie en frontwheeldriving' (die Jutsianisme verwys na wyle ds. J.F. Erasmus, wat bekend was as die Oud-Juts). Steyn verwys na die hede en na 'geestelike laagwatermerke waarin fataliste hulle sou oorgee aan Lysol, en deterministe verslaaf sou raak aan seepsoda, tye waarin hy geskraag is deur die gevleuelde woorde van die oer-Gaaip, Herodotus: 'Soet is die stryd vir die Stryder' (hierdie aanhaling kom uit die abdikasierede van Japetius van der Steynhelle tydens 'n groot vergadering in die Wasgoedsaal). Hier is 'n kartonbeeld van 'n hoenderhaan opgehang, belig deur die flou skynsel van 'n kort stukkie kers. Die rede is geskryf op toiletpapier wat plegstatig afgerol is, en dis geskryf na middernag toe die redelike denke gewyk het."

"Toe het die tweede hoofleier afstand gedoen van sy swaar-verkreë ridderordes, nl. 'die mees verhewe orde van die bloedbestrykte oorlap, die mees beskeie orde van die geoliede knie-aksie, die orde van perpetual motion, van die sleutelbeen, van die strottehoof en van die glansende meroen onderhemp'. Hiermee het die tweede hoofleier, Japetius van der Steynhelle, die hoofleierskap oorgegee aan C. Peitius (C.P. van der Walt).

"By hierdie historiese vergadering is 'n paar dames ingesmokkel, maar gedagtig aan die groot reël in verband met meisies, mog die genooide nuwelinge ons nie sien nie, en is ons weggesteek agter ou katelstyle met perdevelle oor.



JF Erasmus, bekend as "Oud-Juts" en vader van die Jutsianisme – wat dit ookal mog gewees het!

"In die breedsprakigheid, soos dit in hierdie rede voorkom, is veskuilde fyn spot, soos met onder andere die Akademie, en agter alles was daar altyd 'n element van kostelike humor. Dit was na my mening die wese van die Gaaipianisme: spot en humor."

Oor die geheimsinnige verdwyning van Kaptein (of Generaal) Haan het Sarel Pretorius egter 'n ander storie om te vertel: "Generaal Haan is aan 'n gebroke stuitjiebeen in die interneringskamp op Koffiefontein oorlede na 'n lang lyding waarvan die laaste 110 treë ellendig was. Hy het nie Argentinië toe gevlug soos sekere gerugte dit wil hê nie en ek ontken dat hy en Bram Fischer dieselfde persoon is."

En 'n "ou bekende", in die PUK se veelbewoë geskiedenis, figureer ook: "Ongelukkig het die gewetensklousule toe op die toneel verskyn. 'n Paar waaghalsige studente het hom een aand in die dam probeer versuip maar hy het laer af met die Moorivier ontsnap met noodlottige gevolge vir ons uitgedunde geledere."

Maar …



Judie du Plessis... ingesmokkel by "historiese vergadering"

KUPIDO laat nie met hom speel nie, hy slaan soms op die mees onverwagte plekke toe met sy pyle, en só moes ook die Gaipianiste die een na die ander die knie buig.

Twee "flitsberigte" in die Maart 1943-uitgawe van *Die Besembos* werp verdere lig op die aktiwiteite van hierdie eksentrieke beweging:

***KUPIDO BEHAAL GROOT OORWINNING***

***Haan onderneem gesondheidsreis na Buiteland***

*(Sêperyter-berig), Ghandi-saal, Potchefstroom. – Die groot Gaipiaanse beweging is ontbind. Hierdie skokkende nuus is verlede nag vanaf Britstown K.P. berig. Die hoofleier van die Beweging en oudste oorlewende Gaipiaan het besluit om afstand te doen van sy posisie, aangesien hy ‘n nunsis tot hom geneem het. Omdat hy hom verwyf het, het hy outomaties sy lidmaatskap aan die beweging verbeur, en was hy genoodsaak om as hoofleier te bedank. (Dit beteken dat Kupido weereens een van die oudste en mees verharde seders van Libanon neergevel het en so nog ‘n slagoffer op sy reeds onoorsienbare lys geplaas het. – Red.)*

*In ingeligte kringe word die mening gehuldig dat openbare sake en bewegings dieselfde houding teenoor die skielike verlowing van Jaaptrap Steynpesius en Bekkie Kos sal inneem as die destydse huwelik van oud-koning Eduard met mev. Simpson. Daar word nie gemeen dat dit so ‘n omvangryke krisis sal veroorsaak nie aangesien die geval van die abdikasie van Eduard ‘n waardevolle presedent geskep het. Die plaaslike effektebeurs is egter uiters senuagtig. Makelaars is nie geneig om sake te doen nie. Voorlopig sal Suid-Afrika egter op die goudstandaard bly en sal die sluise van die Potchefstroomse dam ook nie afgeskaf word nie.*

*Die spanning duur onverminderd voort.*

*Die Redakteur,*

*“Die Besembos” P.U.K.*

*Meneer, – Ek kan my einste twee oë nie glo toe ek “Die Huisgenoot” oopslaan en ek lees die verlowing van Jaap Steyn nie. Hy, die alombekende en beminde, die wyse, die grote, die bedroefde, beproefde, die bo-aardse, die skone, die reine, die fyne! Is verloof!*

*Kan ons dit so laat verbygaan? Ek sê NOOIT!*

*Groete! Julle ou maat,*

*SAREL PRETORIUS*

**En só is “Gaipianisme” se lot beseël; en as dit nie was vir herinneringe van tydgenote en destydse lede of hul families nie, sou dit heel waarskynlik vinnig in die vergetelheid weggesak het …**

# 3.4 Visdam- en watervoorstories

## 3.4.1 DEEL VAN KOSHUISKULTUUR

Die visdam in die sentrum van die "plein" tussen Heimat en Gatland (Ons Huis) het 'n besondere plek ingeneem in die koshuislewe aan die PUK. "Guy Fawkes"-dag, 5 November, was tradisioneel die toneel vir epiese koshuis-"fights". Hierdie nat baken op die kampus is ook vir allerlei ander doeleindes van "gees-vang" benut. [Kyk ook die opvolg-volume van *Sages en Legendes*, vir verdere stories oor koshuisaangeleenthede.]

Later jare, met uitbreiding van koshuise na die terrein oorkant die treinspoor, het die watervoor wat agter die nuwe koshuise Dawie Doep-Suid en Dawie Doep-Noord verby gestroom het, deel van die kultuur van hierdie koshuise geword – à la die Kompleks se visdam. As iemand "gedoop" of vir amoreuse "prestasies" beloon moes word, het hy in die watervoor beland. Elders in hierdie bundel **[kyk 3.6]** word meegedeel hoedat apteker-dosent Johan van der Walt, die held van die Tampan-kapingsdrama tydens intervarsity 1957, onskuldig vir "straf" in die modderige watervoor beland het.

Die watervoor agter Dawie Doep.



Oorkant die watervoor was destyds 'n groot bloekombos, waar die manne graag gaan wandel het – soms met die hoop om 'n "waternimf" aan die oorkant raak te loop. Twee kamermaats van Dawie Doep-Suid het, met behulp van 'n houtbootjie wat eienaarloos op die voor rondgedryf het en met 'n saag, hamer en spykers van die plaas af, 'n brug oor die voor aanmekaar getimmer. Dis met groot fanfare plegtig geopen.

Verdere stories oor die visdam en die watervoor word hieronder opgeneem.

## 3.4.2 "VISDAM- EN ANDER PRESTASIES"


In sy gereelde rubriek "Die Veteraanhoekie" van die oudstudente-gerigte blad *PU-Kaner*, het **Martin Bekker** in 1973 die "visdam'-tradisie (om 'n medestudent met klere en al in die visdam te gooi) tot by die wortel blootgelê:

"Daar leef geen Veteraan wat nie by die aanhoor van die woord 'visdam' onwillekeurig dink aan die legendariese watergat tussen Heimat en Ons Huis nie – en vele van hulle het sy klammigheid heel intiem aan eie bas geproe. Meesal onwillekeurig, hetsy deur onderdompeling deur onsimpatieke ouheerhande of inplonsing deur uitbundige makkers ter viering van 'n kys of die een of ander obskure onderskeiding. En dan is daar dié wat dit vir geld gedoen het – bid jou aan, gevisdam teen betaling!


"Ja, en ons weet wie dit was wat dié materialistiese benadering in die edele visdamtradisie ingedra het. Voordat u skree: 'Visdam hom!' moet ek u eers twee dinge vertel: eerstens, daar bestaan nie meer 'n visdam op die Puk nie. Tweedens, die skuldige is 'n ouheer wat hom nie sommer so sal laat visdam nie! Kom ons vra hom om self te vertel ...

"Dit was 'n sonnige Saterdagmiddag so vyf-en-dertig jaar gelede. Ek het luilekker op die wal van die visdam gesit met my kiswitbroek en kleurbaadjie aan, skoene spieëlblink en hare glad gekam. Net reg om uit te gaan, maar nêrens om heen te gaan nie. Want ek was platsak – so platsak, arm en minderbevoorreg soos net 'n student maar kan wees as sy ouer broer die 'gesamentlike' beurs hou. En 'hou' beteken 'toehou' met net 'n tiekie vir kerkgeld Sondae! Daarom sit ek toe daardie heuglike Saterdagmiddag langs die visdam in die son. Dit was winter.

"Skielik is die vrede wreed versteur deur 'n ouheerbedreiging wat as Klein Ploos bekendgestaan het (die heer H.L. van der Merwe) en wat sommer hier langs my uit die niet verskyn en onmiddellik tot 'n skynaanval oorgegaan het. Na geslaagde ontwykingsmaneuvers van my kant, moes hy meesmuilend bieg: 'Niks sal my groter plesier verskaf nie, ou Hennie, as om jou met jou grênd vere en al te visdam nie!' Ek moes vinnig dink ... of hol! 'Oraait', sê ek, 'vir 'n halfkroon kan jy my instamp!' Daar was geen geleentheid om my te bedink nie. Ploos se hand wat die kosbare halfkroon oorhandig het, het byna



HJJ Bingle, destyds bekend as "Klein-Bingle".



HL van der Merwe ("Klein Ploos")



Die Kompleks se visdam ... deel van die koshuiskultuur.

onmiddellik om my bo-arm gesluit en die volgende oomblik het die yskoue waters van die visdam my omvou ... Toe ek al proesende opkom, was ek doof vir die gejil van die omstanders – ek het net gedink aan wat ek alles met die halfkroon sou gaan doen ...!"




MO Postma

"Die lagspiertjies trek prof. dr. H.J.J. Bingle se blou-ysterklipoë sommer sulke skrefies van lekkeronthou, voordat hy vervat: 'Maar wag, laat ek jou vertrel van ...' Ja, dis niemand anders as die Rektor van die P.U. vir C.H.O. self wat hierdie tradisie geskep het nie. Vanselfsprekend is eindelose variasies deur vrugbare studentebreins uitgedink, soos M.O. Postma (later ds. In De Aar) wat vir 10 minute in die visdam gesit het – en amper nie die gevolge oorleef het nie! Ander het vir ure op rugbydwarspale of ander snaakse plekke deurgebring vir geld – of roem. Meer onmiddellike voordeel het die deelnemers aan die broodeet-kompetisies daaruit getrek: die rekord van 24 snye op 'n sitting staan nog teen die naam van die heer W.L. du Plessis, beter bekend as Polsier. Prof. Bingle se beursdraer-broer was darem ook 'n finalis, maar hyself kon slegs 16 snye baasraak! (Ek reken Ta' Pellie se perskekonfyt het finaal die demper op die broodeet geplaas ...)"

## 3.4.3 "JOGGOM TIETIES" IN BOTSING MET TANT PELLIE


DL ("Joggom Tieties") Hattingh, jonger broer van JJ (Joggie), se visdam-ervaring in die middel-veertigerjare word só deur medestudent **HLM "Platbos" du Plessis** in *Veteraan* beskryf:

"Daar was die dag toe tant Pellie en Ousus byna die gees gegee het. Genoemde Joggom Tieties is in die visdam agtergelaat soos wat hy in die wêreld gekom het, naak en uitgetoë. Nadat hy 'n halfuur tevergeefs om 'n bedekking vir sy corpus gepleit het, het hy maar uitgespring, 'n blikplaatjie 4" x 4" daar naby gegryp en sekere liggaamsdele bedek wat 'n man onder die omstandighede sal trag te bedek en genael. Met die wat hy Heimat se gang op verbysterende vaart in sy adamsgewaad binnestoom en sy 'bedekking' seëvierend neergooi, was hy en tant Pellie en Ousus in 'n hewige botsing en op 'n bondel gedryf. Na etlike onaardse en sieldeurhuiwende gille en benoude krete was die gang leeg, en veraf uit haar kwartiere het tant Pellie nog hewig beduie en te kere gegaan vanweë die spookbeelde en gedaantes wat voor haar geestesoog gesweef het."



DL ("Joggom Tieties") Hattingh

## 3.4.4 "DIE STRYD OM DIE VISDAM"



"Groot Frans" de Bruyn, die sedige rugbykaptein … maar voorperd by koshuis-"fights"!

Jaarliks, op of rondom 5 November ("Guy Fawkes"-dag), was daar tradisioneel "vuurpyloorlog" tussen Heimat en Uitspan aan die een kant van die visdam, en Gatland (Ons Huis) en Vleuel (Postma Huis) aan die ander kant. **Hans van Zyl** onthou dat op dié datum in 1956 en na aanleiding van die Egiptiese anneksasie van die Suez-kanaal en die daaropvolgende oorlogskrisis daardie jaar, Ons Huis die visdam geannekseer en sy vlag daar gehys het. "Nadat Heimat se voetsoldate die vlag minagtend afgeruk het, het die gemoedere hoog geloop en het daardie aand een van die hewigste veldslae in die geskiedenis plaasgevind. Spekkies van der Westhuizen moes in die hospitaal opgeneem word en was buite aksie vir die eksamen."

Die stryd om die visdam het 'n sage geword. Tydens een van hierdie "veldslae" het Vleuel vir hulleself 'n "kontrepsie" gebou vir die afskiet van sy pyle. Die uiteinde? **Jelleke Wieringa** beskryf dit só: "Totdat Sophie de Beer met 'n vuurpyl in die broeksak geskiet is. 'n Mens waag nie om te vra waar hy oral seergekry het nie." Hans van Zyl, 'n tydgenoot, se weergawe is dat Sophie met sy broeksakke vol klappers en vuurpyle rondgeloop het "totdat hulle aan die brand geraak en sy broek letterlik van hom afgeskiet is"!

Ou "Groot Frans" de Bruyn, oor wie daar baie staaltjies in tydgenote se herinneringe voortleef, het met "Guy Fawkes" in 1958 "die hele Kompleks in beroering gehad", soos Hans van Zyl dit gestel het. Hans se storie loop só (die gedeeltes in reghoekige hakies is van 'n ander weergawe van Hans): "Van fietsbinnebande het hy 'n reuse-kettie [bestaande uit twee dik pale en 'n breë rek uit 'n binneband gesny] voor Uitspan [op die balkon van Heimat] opgerig en Ons Huis en Vleuel (toe was Sielkunde en Dierkunde nog elders op die kampus) met lemoene en aartappels [en tamaties] bestook.

So kwaai was die kettie se dryfkrag dat sommige lemoene in Hoffmanstraat beland het. [In Ons Huis en Vleuel was die lewe van vroegdag af gevaarlik. Hulle inwoners het op dun ys – of liewer glas – beweeg, want elke paar minute was 'n ruit daarmee heen.] Eers toe 'n aartappel die S.R.-voorsitter se kamervenster aan skerwe laat spat het, en rakelings by hom verby getrek het, is ou Frans tot bedaring geroep. [Dirk Postma, die S.R.-voorsitter, moes ingryp voordat die speletjie hand-uit ruk. Dit het Ons Huis so opgesweep dat hy daardie aand een van sy weinige, indien nie sy enigste, oorwinning by die visdam behaal het.]"Oudstudente wat Hans en sy lojaliteite geken het, sal begrip hê daarvoor dat Gatlanders en Vleueliete dalk nie met die laaste waarneming van Hans sal saamstem nie! Frik Buys, Ons Huis inwoner van die vroeë sestigerjare, onthou dat daar soms sommer skielik op 'n aand aan etenstafel besluit kon word om die stryd met Heimat en Uitspan aan te knoop: "En baklei is daar baklei in die visdam. Dié wat nie kan binne bly nie, is op die heining langsaan gegooi."Hans van Zyl vertel verder: "In 1957 (spoetniekjaar) is die geveg voorafgegaan deur die lansering van 'n reuse-ballon, wat toe nog 'n rariteit was – die Departement Fisika was toe nog nie ballonbewus nie. Die vuurpylkartetse was so hewig dat die bloekomplantasie agter Heimat in vlamme opgegaan het!"

## 3.4.5 DIE "TAMATIE-SCHYFF BRUG"

Twee kamermaats van Dawie Doep-Suid het op 'n dag in die voorjaar van 1960 net besluit om die bul by die horings te pak en 'n veilige oortog oor die watervoor, wat vlakby agter die koshuis gevloei het, te verseker. Die bloekomplantasie aan die oorkant was tog 'n te lekker plek om te gaan wandel, in die ongerepte natuur te kon verkeer. En boonop, só het die storie gelui, het 'n paar van hulle een dag 'n oulike bosnimf tussen die lang regop stamme van die bome sien beweeg …Gewapen met 'n boomsaag, byltjie, hamer en spykers van die plaas af, is die reuseprojek aangedurf. Vanweë die traag-stromende, ietwat troebel water in die voor is 'n eienaarlose skuit wat verwaarloos eenkant in die voor gedryf het, geannekseer en kon die stutpale gevolglik in die middel van die voor staan gemaak word. Met eindelose geduld is sport na sport afgemeet, gesaag en dan met spykers stewig aan die twee lang balke wat van wal tot wal gestrek het, geheg. En toe, op 'n dag, was alles klaar en kon die ingenieursprestasie van die twee derdejaars feestelik in gebruik geneem word.

**HISTORIESE GEBEURTENIS: OPENING VAN BRUG**

DIE TAMATIE-SCHYFF-BRUG, wat Dawie Doep met die bos oorkant die watervoor verbind, is onlangs amptelik op seremoniële wyse in gebruik geneem.

Die burgermeester van Suidwes, mnr. Tamatie Boshoff, het in 'n kort en weldeurdagte toespraak die waarde, ontstaan en betekenis van die brug geskets en verklaar dat dit 'n monumentale stuk moderne argitektuur is.

Die argitek, mnr. Piet van der Schyff, het die wit papierlint gebreek, en saam het mnr. Boshoff die eerste skrede oor die brug gegee.

**EREGAS**

Die eregas by die geleentheid was mnr. J. J. de Wet Kruger, wat seremonieel 'n swemvertoning in die modder moes lewer.

Mnr. H. B. van der Walt het met sy bekende Nederlandse welsprekendheid as seremoniemeester die geesdriftige skare wat van alle oorde uit Dawie Doep gekom het, verwelkom.

Volledigheidshalwe verdien die aanwesigheid van die twee lewensredders, mnre. Chris Maritz en Bok Fourie, vermelding. Hulle was op hul pos ingeval die eregas dalk nie sou kon uitkom nie.


***Varia:***

**GROOT BELANGSTELLING**

In Gathlandia het die glorie van „tiekets" vaal geword voor die vlug van die wit bal. Die akademie is tydelik op die agtergrond geskuif en ergste van alles: Die Ons Huisers fluit nou selde of ooit vir dames;

Die Tamatie-Schyffbrug sou minstens op kort termyn in die manne se behoefte aan ruimte en vryheid voorsien. En, al sittende op die reling van die ietwat-wankelende konstruksie, geleentheid gee vir meditasie terwyl die water rustig onder die bruggie deurvloei …

Mettertyd was sowel die brug, met sy erkende beperkte lewensduur, as die voor die slagoffers van uitbreiding en vooruitgang. Vandag dui net 'n enkele skouermuurtjie langs die teerstraat die plek aan waar die watervoor destyds sy vloei gevloei het …v







Die brug word gebou en amptelik geopen.







## 3.4.6 "GATLAND HANDHAAF TRADISIES"

Soos die Tamatie-Schyffbrug en die watervoor agter Dawie Doep, sou ook die historiese ou visdam op die plein tussen die manskoshuise moes wyk voor die monster van uitbreiding en ontwikkeling. 'n Nuwe Sielkunde-gebouekompleks was in wording en het die visdam ingesluk. Sê wie! 'n Student gee nie sommer so bes nie – soos blyk uit die hiernavolgende verslag in die studentekoerant, Maart 1962.





"Jurie Fotokuns" Venter ... het soos 'n skim rondbeweeg met sy flitskamera.

Maar helaas, ook dit was tevergeefs – ook die nuwe kits-visdam sou spoedig deur "Prof Bossie" se dreunende stootskraper met die grond gelyk gemaak word. Maar nie sonder reperkussies nie: "Dit was 'n groot slag vir die Gatte. Oom Bossie het hul wraak nie soseer aan sy eie lyf as aan sy stootskraper gevoel nie. Dié is met kettings aan 'n boom vasgemaak."Hulle kon "Oom Bossie"/ Prof Bossie" net nie met rus laat nie ….

„DIT IS VIR MY MOOI as die tradisies van die verlede in ere gehou word. Daarom wil ek die inwoners van **Ons Huis** gelukwens met hul inisiatief!" Die huisvader, mnr. C. P. van der Walt, het Saterdagoggend met 'n ontroerde gemoed hierdie inspirerende en gewaardeerde boodskap aan die bewoners van Republiek Gatlandia gerig tydens die ingebruikneming van die „Gat van Gatland."

Ongeveer twee koshuise vol studente het om 8.30 vm. die plegtigheid bygewoon. Op baie gesigte was ongeloof te lees toe die visdam onthul is— waar kom die dam so skielik vandaan? Die vorige aand om 8 uur was daar nog geen tekens van enige bouery voor Gatland nie!

**BEDRYWIGHEID**

Die aand teen tien uur was die toneel egter heeltemal verskillend. Die buitengewone bedrywigheid het toegeneem terwyl (hoog)spanning opgelaai het. Vyf lampe het die opening tussen die koshuis en die „sielsieke inrigting" verlig. Vierhonderd bakstene het soos een man gereed gestaan om ingemessel te word. Kruiwaens vol sand het uit alle oorde aangestap gekom.

Ja, dit was 'n groot nag op ons ou plaas. Soos mnr. Idyll van der Walt tereg opgemerk het: „Die grootste enkele gebeurtenis in die agt jaar van my koshuislewe!" Vandat die ou visdam afgebreek is, was die gees van Gatland nie meer wat dit moes wees nie. Daarom het die Driemanskap van Gatland die gedagte laat ontstaan om een nag die visdam weer in die lewe te roep.

**AKSIEKOMITEE**

Die beplanning van die aksie is waargeneem deur 'n aksiekomitee bestaande uit mnrr. At van den Berg Klippie van der Walt, Joerang Venter, Patrys Cloete en Kleinfaan Oosthuizen. Baasbouers Prins Hendrik, Patrys Cloete en Louis Coetsee het gebou, Motorbike Steyn en Blondie Buys het gepleister, en siedaar: 'n visdam verrys uit die duisternis soos 'n kys uit ou Charlie Koen se drome!

Ou „Jurie Fotokuns" beweeg soos 'n skim rond met sy flitskamera en teen 6.15 vm. vervaag sy flitse voor die geknal van tien dawerende slauut (rewolwer) skote om die voltooiing van die Gat aan te kondig en menige ouheer se droom net daar kort te knip.

**NIE BED OPMAAK NIE**

Baie pittig en van pas was Tjaart Steyn se opmerking: „Ek's darem oor een ding bly nadat ek heelnag gewerk het — nou hoef ek nie vanoggend bed op te maak nie!"


Tydens die ingebruikneming van **Die Gat** is Gatland se pragtige nuwe vlag, geskilder deur Patrys Cloete, ook die eerste maal in die openbaar opgehang.

**DRIE MYL**

Ongelukkig kon At van den Berg nie tydens die middag se atletiekbyeenkoms die drie myl-item inpalm nie, selfs nie eers nadat hy die hele nag om die visdam geoefen het nie. Maar vir Gatland is hoofsaak — ons ons **het** nou weer 'n visdam, ons gaan dit **behou** en ons gaan die tradisie **voortsit!**

Die manne wat wil kys, moet gouspeel, want die winter is naby; die laatslapers sal weer gereeld 8 vm. in die klas wees; die paddamanklub se oefenprobleem is opgelos; EN— die dae van visdam-fights is weer hier!

# 3.5 "Spokery in die militêre begraafplaas"



Antoon Goossens

Die spreekwoord sê ledigheid is die duiwel se oorkussing. Die lêery daar in 'n koshuiskamer, en die daaruitvoortvloeiende spookstorievertellery, het tot kwaaijongstreke soos hierdie gelei.

**Anton Goossens** vertel:


"Hiermee my bydrae oor die spokery in die militere begraafplaas. Soos jy sal sien, was dit in die begin net 'n klompie aptekerstudente wat spookpret gemaak het, maar spoedig het dit uitgebrei na die res van die Universiteit en het o.a. die destydse SR-Voorsitter (Hendrik van der Walt) ook deel daaraan gehad. My suster het ook reeds begin om iets oor die Gaipe te skryf.

"As mense wat almal 'n 3-jaar internskap na matriek agter die rug gehad het, het ons as 'senior eerstejaars' nogal hard probeer om by die studentelewe in skakel in 'n tyd toe die aptekerstudente as 'n rowwe klomp beskryf is en die dames teen ons gewaarsku is! Met die aanmoediging van Hendrik van der Walt (SR-Voorsitter) het ons in 1957 met die Jool die wenvlot gebou en het ons die Kovsie-dirigent tydens die Intervarsity dié jaar met 'n vliegtuig geskaak.

"Dit was in 1957. Ons lê in Dup Dupper (later apteker en nou geneesheer) se kamer in Uitspan en vertel spookstories. Hoe later hoe meer ruk Awie Smith (later apteker op Springs) se kopvel. Teen 11 uur die aand roep ek Offie (Johan Offermeier, later professor in Farmakologie) na buite en vertel hom van die militêre begraafplaas op die Eleazerpad. Ons besluit dis tyd vir aksie en ons neem vir Jack Verster en Willie Pieterse (later apteker in Pretoria), gewapen met lakens en flitse, na die begraafplaas en laat hulle by die gedenknaald stelling inneem.

"Terug by die koshuis vertel ons so terloops van 'n beweerde spokery by die militêre begraafplaas en omdat dit toe net voor 12 was (dis dan wanneer die spook glo loop), word terstond besluit om die waarheid van die storie te toets.

"Ses van ons kom in Offie se Citroen by die begraafplaas aan, gaan deur die draaihekkie en beweeg na die gedenknaald in die middel van die begraafplaas – stil, maar voel-voel (soos om 'n ander mens te voel). By die naald aangekom, gebeur niks en en allerlei onpubliseerbare beskrywings trek heen en weer om die valsheid van die storie te beskryf.




Miek Moolman (regs voor) en ander senior apteker studente besig met praktiese werk. Snags het hulle die wit jasse vir wit lakens verruil ...

"Behoorlik grootbek, maar tog benoud. Ek en Offie, wat weet wat aangaan, is egter self ook nie heeltemal op ons gemak nie. 'n Mens weet nooit nie.

"En toe sit Jack en Willie die flitse aan onder die lakens oor hulle koppe. 'n Mens skrik, al weet jy wat aangaan. Al glo jy nie in spoke nie, is jou senuwees tog effens rou van al die spookstories. Dié wat nie weet nie, skrik baie groter en ons almal laat spaander terug na die hek en die kar.


"Dis 'n onordelike uittog, want dié wat voor hardloop, hang 'n bietjie terug en dié wat agter is, stoot weer. Almal wil in die middel van die bondel hardloop. Enkeles gaan deur die hekkie, maar die meeste is oor die heining binne in die Citroen in. Wyle Miek Moolman (apteker) sit 'n mynlamp op sy kop en klim uit met 'n loodpyp in die hand en ontmasker die twee spoke wat toe na die motor aangestap kom. Awie was so verleë dat hy vir 'n tydlank net deur middel van sy kamermaat, Piet Kriek (later apteker in Kuruman), met ons gepraat het.



Johan Offermeier

"Die volgende aand het ons met twee motors gegaan en 'n paar dames saamgeneem. Die effek was min of meer dieselfde, behalwe dat die gille van die dames bygekom het.

"Die derde aand, toe reeds verseker van sukses, het ons vir Jack en Willie effens anders ontplooi en toe verskeie motors volgemaak met belangrike manne: Tjaart van der Walt, LAS van Wyk (ds), Hendrik van der Walt (later Adjunk-Minister) en nog andere. Alles het dieselfde verloop tot by die hardlopery hekkie toe, maar toe slaan 'n tweede spook by die hek uit en volslae chaos bars los: party bars verby karre toe, party hol terug naald toe, net om hulle weer in 'n spook vas te loop, terwyl ander elkeen in sy eie rigting laat waai.




Johan van der Walt ... het onskuldig in die watervoor beland.

"Dit was nogal 'n stryd om almal weer bymekaar te kry. Enkeles (ek sal liewer swyg oor hulle identiteit) het ons in die Ventersdorp-teerpad gekry op pad terug koshuis toe, op daardie stadium darem nie meer voluit aan die hardloop nie.

"Diegene wat geweet wat aangaan, het die geheim bewaar, maar die storie versprei. Ek en Offie het genoeg gehad, maar die spookkykery het toe soveel momentum gehad dat die manne selfs per vragmotor aangery is begraafplaas toe. Die saak het tot 'n einde gekom toe die spookkykers een aand so vroeg by die begraafplaas opgedaag het dat hulle die spoke met hulle lakens en flitse op pad na hulle posisies betrap het.

"Iemand moes boet vir die gekskeerdery. Iemand het besluit dat Johan van der Walt (later buitengewone professor in Farmasie) die skuldige was en hy is in die sloot agter Dawie Doep gegooi. Johan het iets net ligter as longontsteking opgedoen, en ek en Offie het dit gerade geag om maar nie te veel te sê nie, want Johan was toe al 'n dosent en dit gebeur nie maklik dat 'n dosent vir studente onsinnighede boet nie!"

# 3.6 "Die klankgrens en die gebreekte broek"



Rassie Smit

**Rassie Smit** vertel 'n kostelike storie oor een van sy mede-tokkelokke, uit die vroeë vyftigerjare.

"Nog altyd het die predikant en die student in Teologie ook belangstelling gehad in allerlei sake buite die kerk en die Teologie. Daarom het die teologie-studente van die vroeg vyftigerjare ook met groot belangstelling kennis geneem van byvoorbeeld vliegtuie wat deur die klankgrens breek as hulle 'n sekere hoë spoed in hulle vlug bereik. Dit het gewoonlik gepaard gegaan met 'n harde knal. Daarmee saam kan dit ook gebeur as gevolg van die verskynsel van metaalvermoeidheid, of beter, materiaalvermoeidheid, dat so 'n vliegtuig, of selfs ook ander voorwerpe, dan eenvoudig meegee, verbrokkel of aan repe skeur.

"Student Louwtjie van der Vyver was een van die modern ingestelde teologie-studente wat met groot belangstelling hiervan kennis geneem het. Helaas was sy kennis van die natuurwetenskaplike geheimsinnighede egter nie erg uitgebreid nie, en ook nie altyd heeltemal akkuraat nie. Tog het dit hom so gefassineer dat hy selfs sou probeer om dit proefondervindelik vas te stel.

"Nogal op 'n Saterdagmiddag. Of dit te make het met die feit dat hy nie gesleep het nie, of dat hy nie 'n groot sportman was nie, is nie seker nie. Dit is ook nie onmoontlik nie dat daar êrens in sy onderbewussyn in die bloedsweet om die Ingelse taal goed te begryp, dalk 'n verwarring begin groei het tussen "metal fatigue" en "mental fatigue". Nietemin, om die brein weer helder te kry en die bloed te laat bruis oor die harsings, het hy die Satermiddag sy fiets gevat en weggery.



LS (Louwtjie) van der Vyver

"Ons het hom sowat 'n uur later naby die visdam tussen Heimat en Ons Huis gekry terwyl hy op pad was na Postma-huis waar hy gebly het. Hy het die fiets gedra, want die ketting was van die traprat af, en sy langbroek, vol stof en skuurmerke, was aan die binnekant van die linkerpyp van onder af met geweld uitgeskeur tot bo.

" 'En nou, Louw?' vra ons.

" 'Nee, wat! Net 'n klein ongelukkie.'

" 'Wat het gebeur, Louw?' wil ons nuuskierig weet.

" 'Nee, man, sien, ek ry toe so al om die visdam, toe vinniger en vinniger en nog vinniger, tot ek myself naderhand nie meer kon keer nie. Toe gaat ek so vinnig, ek bars deur die klankgrens ..... en toe breek my broek!'

Ons het hom gelos dat hy sy fiets gaan bêre en liewer 'n koue stort gaan neem om sy brein weer helder te kry."

# 3.7 "Die oudstudente op hulle mouterbaaiks"

Danksy **TT (Theuns) Cloete** kan ook die volgende staaltjie in die PUK-annale opgeteken word:

"In die dertigerjare, so 'n hele dekade voor my studentedae, was daar drie manne aan die PUK wat later baie bekend geword het: prof AP Grové, die bekende literator en kritikus, eers van die Universiteit Pietermaritzburg, later van UP; dan Dana Niehaus, toneelspeler, sanger en 'n bekende radioman wat sport kon uitsaai soos niemand voor en na hom nie; en dan Andries van Rooyen, wat hoof was van Volkskool, Potchefstroom. Toe hierdie drie nog Pukke was, was die studentetal ver onder die 1000, soos ook selfs nog in my eie tyd, en hulle was drie van die bekendstes op die kampus. Hulle was karaktervolle studente, soos hulle later in hulle lewe baie bekende en baie karaktervolle mense geword het. Met twee van hulle het ek later baie goed bevriend geraak.

"In die rantjies tussen Potchefstroom en Parys was daar 'n boer wat sy eie stookketel gehad het en sy eie, baie kragtige drank gebrou het. Hy het drie dogters op die PUK gehad en het hierdie drie Pukke genooi om een Saterdag by hom te kom kuier. Die boer het hierdie drie manne klaarblyklik gekies op grond van hulle persoonlikheid, want nie een van hulle het op 'n Don Juan gelyk nie. Inteendeel. Op 'n keer het 'n paar van ons van hierdie drie befaamde indertydse manne gepraat, en om een van hulle drie tergend te beskryf, het iemand die beginreël uit Raka aangehaal: "Die vroue het hom die eerste gewaar…". Wel, hierdie boer in die rantjies tussen Potchefstroom en Parys het hulle gewaar om watter redes ook al.

"Destyds het geen enkele student 'n motor besit nie, almal het fiets gery, tot selfs die rektor – jammer dat daardie fietskultuur uitgesterf het. Die drie Pukke het daardie Saterdag dan die pad met hulle fietse gevat, en dit was grondpad, en slegte grondpad. Jy kon alleen in die sanderige kante van die pad ry. Teerpaaie was daardie jare baie skaars. Die pad tussen Potchefstroom en Ventersdorp is byvoorbeeld eers aan die begin van die vyftigerjare geteer en die een tussen Parys en Potchefstroom nie lank daarvoor nie.

"Die boer het sy drie studentegaste daardie Saterdag meer as gasvry behandel, so gasvry dat hy teen sy bedoeling in hulle van sy drie dogters weggehou het. Eers het hy hulle druiwe gevoer. Daarna het mos gevolg (ek dink ek het die spyskaart reg, soos ek dit onthou – ek ken nie die kooksels goed nie). Uiteindelik het die boer die vog self getap en op 'n tydstip sy twee vuiste om die beurt op sy bors geslaan, terwyl hy sê: "Dit kan tien dokters nie aan mens doen nie". Daarna het 'n swaar Boere-ete gekom. Die drie Pukke het met die boer saamgedoen, darem binne perke, maar nie danig by die dogters uitgekom nie.

"Hierdie storie het ek by een van daardie drie later hoog gerespekteerde Pukke self gehoor, toe 'n paar van ons saam met die verteller in Namibië gaan hengel het en een aand op Hentiesbaai baie lekker gesit en gesels het. Prof. Louis Gouws, psigoloog en emeritus van die PUK, en prof. DAP Louw, ook psigoloog, ook vroeër van die PUK en nou van die Vrystaatse Universiteit, was onder andere in die geselskap. Toe die verteller aan die einde van sy storie kom, sê hy: 'Toe ons drie ooreiste manne daardie bloedige warm laat Saterdagmiddag teen sononder met ons drie trae fietse die sinkplaat-grondpad terugvat…', bly hy so 'n oomblik stil om sy woorde vir die pynlike terugtog te soek, en Louis Gouws vat die gaping en sê: '… toe was daardie fietse mouterbaaiks!'."



AP Grové



Dana Niehaus




Andries van Rooyen

# 3.8 Die "Uitspan Baaisiekel Hênnikêp" (1956)




Brandé Ink = André Brink



Pamedi Rollius = Amedi Prollius



Stagieta Moker = Magrieta Stoker



Kreet Puger = Peet Kruger.

Die volgende humoristiese "verslag" het in April 1956 in *Die Wapad* verskyn. Toeligting en verklarings word aan die einde van die stuk verskaf.

**Toeligting/verklarings:**

Volgens oorlewering het Peet Kruger werklik in 'n trein vasgery!

Gaipistiese Aggressors: Kyk afdeling oor Gaipianisme, elders in die bundel.

## Groot Geleerde stel ondersoek in na die

## UITSPAN BAAISIEKÊL - HÊNNIEKÊP

Die Porreskondent van die WAPAD het die voorreg gehad om 'n onderhoud te verkry met Prof. E. K. WIET-ALS B.A. (S.A.) S:I:E:K: (AMST.) E.L. (JERUSALEM). Die geleerde heer het met behulp van 'n beurs aan hom toegeken deur die T.S.V. (Thabajah Skinder Vereniging) oordam gegaan om navorsing te doen i.v.m. die U.B.H.

Hy het die **Spyker**skrif op 'n ou skotperf deur die Analities-Neweskikkende metode ontleed en tot die volgende Progressief-Imperialistiese standpunt gekom. Hy het die skotperf in 'n uitgewerkte vulkaan naby Thabajäh geontdek.

**DIE JAAR 009:** Die Hênniekêp is in hierdie jaar vir die eerstemaal gehou **BRANDRé INK** het die eer gehad om laaste te kom in die stadige tyd van 1 maand 2 dae 3 uur en 5.6 min. Die afstand was 20 el 6 furlong.

**DIE JAAR 0013:** Nou was dit alreeds 'n vaste instelling. Dit was egter 'n baie ongelukkige jaar omdat **PAMEDI ROLLIUS,** wat laaste was, gediskwalifiseer is omdat hy 'n B.S.A. engine in sy onderbaadjie-sak gehad het en die wind ook van voor gehad het. Die rekord is vandag nog nie erken nie.

**DIE JARE 0013 — 0041:** In hierdie tydperk kon die Hênniekêp nie plaasvind nie vanwege die na-oorlogse skaarste aan Baaisiekel-kittangs. Dit was ook in hierdie tyd wat die **VITAALSE REWOLUSIE** plaasgevind het, en die kittang-nywerheid oorheers is deur die VITAALSE VAKBONDE.

**DIE TYDPERK 0041—0042:** In hierdie tydperk was die Puk besig om sy paaie te teer en kon die Hênniekêp ook nie plaasvind nie. Bowendien was die OUdames gehek en daar geen inspirasie vir die OUhere nie (die Dore was toe nog nie op die Puk nie).

**DIE JAAR 0044:** Die jaar staan in die annales opgeteken as die jaar vir die emansipasie van die vrou. Die Hênniekêp is toe verloor deur Mej. **STAGIETA MOKER.** Haar rekord vir KYS-AANSOEKE daarna staan nou nog.

**DIE TYDPERK 0044—0059:** Intussen het toestande begin versleg. 'n Koue Oorlog het geheers tussen Thabajäh en Heimat. Bowendien het die Stadsraad ook begin paaie teer. Die grens tussen Thabajäh en Heimat is streng bewaak deur die Ogpoe, terwyl die OUdames deur GAIPISTIESE AGGRESSORS agter die YSTERTRALIES van Thabajäh mishandel is. 'n Geskikte terrein kon dus nie gevind word nie. Propaganda-kommunikasies is ook afgesny deur die "ONE-WAY TRAFFIC" na die Drerout-Hukpers.

**DIE JAAR 0059:** Intussen was hierdie jaar die merkwaardigste tot dusver. In hierdie jaar het **KREET PUGER** 'n KONDENSMELK-Blikkie verower vir 'n heldhaftige poging. In sy aanslag op die Hênniekêp-rekord het hy in die trein vasgejaag (Hy is nou nog in die Hospitaal; d.w.s. die trein). Die S.R. (STUPID ROGUES) het hom die Ere--Burgerskap van die Puk hieroor ontsê.

**DIE JAAR VAN DIE VUUROS:** Gegewens oor hierdie jaar het vir die Geleerde Heer 'n bietjie dubieus gelyk. Hy is nog besig om die betroubaarheid na te gaan. Dit lyk vir hom baie na Fiksie en sal later sy bevindings hieroor bekend maak.



DIE STRAFDRAERS IN DIE JAAR 0044:
V.l.n.r. Magog (timekeeper), Shotgun Killer (afskieter), Whiskey Joe (Grasshopper), Madame Vleisie-Belustig-Skwies-Mie-Kwiek (Burgemeesteres), Abie Busnies (President), Prof Dr. Kaasje Struis Vogel (Besoeker)

### van HIS MASTER'S VOICE

Silent Love. — **Joan Aucamp.**

By the Light of the Silvery Moon.— **...Hessel Dykstra.**

Love walked in. — **Marlene Human.**

Four Walls around me.—**Ansa Bingle.**

Happy Days and Lonely Nights — **Annemarie Snyman.**

When your Lips toutch Mine — **Bettie Linde.**

If Hearts could Talk. —**Ester en At.**

I'll take you home again, Kathleen— **Don Human.**

**Tjaart van der Walt:** Don't stay away too long.

**Tokkelok:** I've got so many million Years.

**Pieter Kriek:** O, for the Life of a cricket.

**Elmien Duvenage:** Ek stoor my Liefde net vir jou.

**Nokkels Fourie:** Die Vrolike Oujongkêrel.

He's a Rockin' Horse Cowboy: **Vulleje.**

**Frik Terblanche:** Four Season Sweatheart.

**Yvonne Roux:** Somebody Loves Me.

**Ben Potgieter:** Ain't Misbehaving.

**Magarite Zerbst:** I Want to be Evil.



BY DIE WEGSPRINGPLEK: DIE JAAR 0013:— V.l.n.r. Alexander die Kleintjie, Joe Paloeka, Bismater III, Die gemaskerde Sopbeen.

[Met spyt moet meegedeel word dat rolspelers wat op die foto's verskyn, nie geïdentifiseer kon word nie]

# 3.9 Groot Frans en die Stootskraper

Dié storie, van "Groot Frans" de Bruin en die stootskraper (en "Prof Bossie"), wat hom in die week voor die 1958-intervarsity teen UKOVS afgespeel het, is seker een van die mees bekendes en mees verteldes uit die PUK se arsenaal van staaltjies en lekker stories. Bekende figure soos wyle Hans van Zyl en Toy Dannhauser, tydgenote van Frans en ooggetuies van die "traumatiese" episode, kon en kan dit tog so met smaak opdis. Oor die jare heen het hierdie storie, soos alle sages en staaltjies, 'n stertjie hier en 'n stertjie daar bygekry en is daar nogal taamlik verskille oor wat presies gebeur het en wanneer. Een vertelling sê dit was in 1957, 'n ander weer 1959, maar in der waarheid was dit in 1958. Hier word die storie vanuit 'n heel en taamlik outentieke nuwe hoek bekyk, naamlik deur die bril van **prof Hennie Bingle**, wat destyds dekaan van Opvoedkunde was. Sy betrokkenheid blyk uit die verhaal wat volg, soos verkry uit transkripsies van gesprekke wat in Maart 1990 deur verskeie personeellede met hom gevoer is. Ons stel Bingle self aan die woord:

"Ek is toe dekaan van Opvoedkunde. In my klas sit Frans de Bruyn, wat in dié tyd kaptein van die voetbalspan was. Dis intervarsity Saterdag. In die begin van die week het die drot (stootskraper) hier by die kareebome gestaan. Daar was een vreemde boom tussen die kareebome … Ek kom een môre hier by my kantoor en ek word geroep: die rektor wil my dadelik sien. Ek stap hier na sy kantoor toe en toe ek daar kom, sit hy en Dirk van Rooy [koshuisvader] en Vaatjie [registrateur Du Toit] daar. Chris [rektor J Chr Coetzee] sê toe ek inkom: "Prof. Bingle, sit." Ten minste toe ek in die gang opkom, daar was sulke bankies gewees, toe sit ou Frans so ingedoke. Ek loop by hom verby en prof. Chris wys so deur die venster en sê: "Prof. Bingle, wat sê jy daarvan, wat sê jy daarvan?"





"Prof Bossie" (staande) met sy drot (stootskraper) waarmee "Groot Frans" rektor J Chr Coetzee se bloed laat kook het.

"Ek sê, 'Wat is daar aan die gang?', want ek weet toe van niks. Hy sê: 'Kyk daar deur die venster, kyk daar!'

"Ek kyk, maar ek sien niks."Hy sê vir my: 'Daai boom!'. Ek sê: 'Ja, ek sien daar lê 'n boom om.'

"Hy vra of ek wat wat gebeur het, waarop ek toe sê: 'Nee, ek weet nie wat gebeur het nie.'



Prof J Chr Coetzee … wou “Groot Frans” skors en dies meer.



Prof Hennie Bingle … kom tot Frans se “redding”.

”Hy sê: ‘Daardie student van jou, die UOD Frans de Bruyn, het op die drot geklim en die studente het hom uitgedaag dat hy nie daardie boom met die drot sou uitstoot nie. Hy het opgeklim en hulle gewys en die boom uitgestoot, en daar is dit!’

”Chris was kwaad, hy sê vir my hulle jaag hom uit die koshuis, hulle vat sy kapteinskap weg, hy kan ook gladnie intervarsity speel nie. En hy wou hê ek moet hom ook skors dat hy nie ‘n onderwyser kan word nie. Hy vra my toe wat ek daarvan sê.”Ek sê toe dat ek niks daarvan kan sê nie, aangesien ek daar niks van weet nie. Hulle moet my minstens kans gee dat ek met Frans kan praat en hoor wat se dinge hy aanvang. Dis of jy koue water op hulle gegooi het. Ons het toe verdaag, alhoewel hulle nie daarvoor lus was nie.”Ek roep toe vir Frans en ek stap voor met Frans agterna na my kantoor toe. Die heeltyd loop ek met hom en praat, maar ek kyk nie na hom nie en hy kom ook nie gelyk met my nie, hy loop agter en ek loop voor. Toe ons in die kantoor kom vra ek hom wat hy gedoen het. Hy vertel my toe die ding van die ‘daredery’. Ek sê toe vir hom dis goed dat hy daardie boom uitgestoot het, hy hoort nie tussen daardie bome nie, dis ‘n vreemde boom wat daar staan, hy pas nie daarby nie.”Dirk van Rooy het gesê dat Frans soos ‘n dierasie in die koshuis te kere gegaan het, hy het ‘n klomp vensters stukkend gegooi en ‘n tafel inmekaar gegooi. Toe ek vir Frans daarna vra, sê hy hulle het die ruite stukkend gegooi, maar die ander het almal weggehardloop omdat hulle bang was en hy het die skade betaal. Die tafel het gebreek omdat hy op die tafel geval het toe die ander studente hom op die tafel gegooi het. Dit was sommer ‘n swak ou tafeltjie. [Bygesê: Ou “Groot Frans” was, soos sy naam aandui, nie te klein van postuur nie!}Aldus georiënteer, is prof Bingle terug na prof Chris en die “jurie”. Hy vertel verder:”Ek sê toe vir hulle ek is nou baie jammer, maar die ding kan ek nie so aanvaar soos wat hulle nou vir my sê nie. Chris vra toe vir my wat ek sou maak as die man ‘n kind sommer aan sy skouers vat en hom op die vloer doodslaan wanneer hy skoolhou. Ek sê toe vir hulle wat ek vir Frans gesê het dat dit ‘n goeie ding is dat die boom daar uit is, ek het al lankal gewonder waarom hulle nie daardie boom uithaal nie, en in die tweede plek het Frans se pa self so ‘n drot, hy ken hom baie goed en sal nie die ding breek nie; hy ken die tegniek om bome uit te stoot, sy pa doen dit en hy het dit ook al gedoen.

“Wat die koshuis betref, sê Dirk toe ja, Frans het die verantwoordelikheid daarvoor geneem. Ek sê toe hy is nog baie beter as die ander, want die ander was te sleg om dit te kom erken en in te staan vir wat hulle gedoen het – te lafhartig. En ek dink nie Frans moet een van die strawwe kry nie: hy gaan in die koshuis aan, hy bly kaptein en speel intervarsity.

“En dit het toe ook so gebeur.”


Kalmte en rede het toe geseëvier en Frans kon sy manne daardie Saterdagmiddag op Bloemfontein teen die Kovsies op die veld lei. Hy was ook in 1959 aanvoerder van Theos. Ná sy UOD-jaar het Frans ‘n biblioteekdiploma verwerf en ‘n baie suksesvolle loopbaan as bibliotekaris het gevolg.

Waar pas “Prof Bossie” (mnr G Bosman), die legendariese terreinopsigter van destyds, in die prentjie? Hans van Zyl vertel eerstehands hoe ontstoke en ontsteld hy was en dat hy ‘n paar uitroepe gegee het wat hy wat Hans is, nie kon herhaal nie. Gert van Rooyen se bronne het hom meegedeel dat die lang man, soos gewoonlik, “briesend” en “kokend” was; ‘n ander bron wil hê dat sy kommentaar glo was: “Mag die donder ‘n galaanval kry!” Hoe ookal, “prof Bossie” is reguit rektor toe, wat gedreig het om intervarsity af te stel indien die skuldige(s) nie uitkom nie. Frans het toe maar die “punch” gevat.



Intervarsity 1959: Die gewilde eerstespan kaptein, "Groot Frans" de Bruyn, wat in 1958 byna geskors is, stel sy spanlede in 1959 aan die Kovsies se hoofdame bekend.

# 3.10 Plattelandse fondswerwing en studentewerwing



Chris Windell

**Chris Windell, vanselwers 'n lopende legende vir sover dit veral fondswerwing vir die PUK betref, het goedgunstiglik ingewillig om van sy ervaringe en ondervindinge as skakelman met lesers te deel. Spesifiek oor fondswerwing in die platteland en oor studentewerwing by skole, saam met Oom Carools Reinecke.**

**PLATTELANDSE FONDSWERWING**

"Plattelandse fondswerwing in die middel sewentigjare was baie soos huisbesoek – van plaas tot plaas tot plaas. In 'n bepaalde dorp het ons 'n vriend of oud-Puk geïdentifiseer wat bereid was om as voorsitter van 'n reëlingskomitee op te tree. Hy het weer tydens 'n afskopvergadering 'n span byeen getrek wat bereid was om ons fondswerwers van plaas tot plaas te neem.

"Dit was werklik baie harde werk. Ons was nie so bevoorreg soos vandag met skema motors nie. Vroegoggend (06:00) het ons ou vroutjies ons na die universiteit geneem waar ons 'n motor uit die "poel" getrek het. Wanneer ons ookal snags teruggekeer het na ons omswerwinge het ons vanuit die Hoofgebou hulle weer gebel om ons te kom haal. Dit was baie ongerieflik.

"Mev Siebert, ons sekretaresse, het soms so lekker kwaad geword want die tjeks, kontant en aftrekorders het ons net eenvoudig op haar tafel gestort want die volgende oggend is ons mos vroegoggend weer weg.

"Die volgende insidente staan my nogal helder voor die gees:

**(a) Op die trekker**

"By een boer vroegoggend in die Lichtenburg-omgewing, nogal in die winter, het hy na 'n heerlike plaasontbyt gesê: 'Kom broer, 'n boer moet werk; so, kom saam met met my.'

"Met my nuwe pakkie klere is ek toe saam met hom lande toe en op die trekker. En daar in die verre Wes-Transvaal is ek besig om al skuddende en rukkende die PUK te 'verkoop' en hy besig om te ploeg. Die gesprek het min of meer so gegaan:

" 'Nou-ja ou Boesman, jy sê jy kom van die universiteit af. Vertel meer.'

" 'Wel oom sien ons het 7000 studente, ses fakulteite en ...'



By geleentheid moes Chris saam met die boer (nie hierdie boer nie) op die trekker klim om geld vir die PUK in te samel.

“ ‘Net so oomblik’, sê hy terwyl hy met ‘n gebulder uitroep: ‘Jakob! Julle moet daai sakke uit die stoor vat. Allamagtig man, die goed word nog vrot.’

“ ‘Ekskuus man. Gaan aan.’

“ ‘Oom sien, met onderwysopleiding …’

“ ‘Petrus’, gil hy ‘daai blerrie beeste is al weer uit die kraal uit!’

“En so het dit gegaan. Ek sug vertellinge oor die PUK en hy skreeu bevele aan sy werkers. Ja, hy het heelwat later ‘n aftrekorder geteken maar wragtig ek het daardie een verdien.”

**(b) Met die Nissan-bussie!**

“Dis vroegoggend. Die PUK se motorpoel het nie ‘n motor vir my gebruik nie – slegs ‘n 21-sitplek Nissan bussie. (Ek wonder of Louis van der Ryst nog kan onthou?) En hier is ek en Joe Malherbe weg na Lichtenburg. Dit was nou baie snaaks indien nie gek nie.

“Ons kontakpersoon was oom Piet Steinman. Hy het net so ‘n snaakse kyk gegee en toe maar ingeklim. Al skoppende, springende en hikkende is ons toe van plaas na plaas. Ek was te moeg van konsentrasie om skaam te kry. Eintlik was dit (by nabaat) skreeusnaaks.

“Twaalfuur die middag toe neem ons oom Piet dokter toe want sy neus het onbedaarlik begin bloei. Wat verwag mens nou anders? Fondswerwing per bus. Ek wonder wat het die boere van ons gedink?”

**(c) “Meneer Onbeskof”**

“Nooit en net nooit het ek en/of enige donateur of potensiële donateur woordewisseling gehad of is ek weggejaag, of iets onaangenaams nie; behalwe die een keer.

“Die betrokke boer was ooglopend ‘n geesdriftige ondersteuner van ‘n ander universiteit en het vir die duur van my besoek onnodiglik smalend na die PUK verwys.

“Na ongeveer ‘n halfuur van frustrasie vir my het hy vir sy vrou gesê: ‘Martha, gaan haal my tjekboek dat ek vir die man ‘n rand kan gee.’

My moer het onmiddellik gepomp. Ek het opgestaan, my tas geneem, hom bedank vir sy flou tee en na my motor begin stap. My kontakpersoon, ‘n mnr Conradie, het agter my aangetrippel gekom. ‘Meneer Onbeskof’ ook. Ek het my kontakpersoon om verskoning gevra maar hy was tot my verbasing nogal ingenome. Volgens hom moes iemand die man (sy buurman) lankal in die bek geruk het.

“Twee ure daarna het ek met die oud-PUK onderwysers by Lichtenburg Hoërskool gepraat. ‘n Bejaarde, afgetrede en tydelik-aangestelde onderwyseres het na my gekom en uit haar beursie twee rand bygedra. Ek het dit met vreugde ontvang. Dit gaan oor gesindheid.”

**(d) Klavierspel help ook**

“By een boer in die Sannieshof-distrik moes ek eers klavier speel. Na ongeveer twintig minute se ‘vermaak’ aan hom en die gesin het hy gevra ek moet hom ‘aanslaan’. Ek het geweet hy is nogal vermoënd en het R1000 gesê.



By 'n ander boer moes hy eers klavier speel!

" 'Ek het ook so gedink', het hy gesê en R1000 tjek uitgeskryf. In 1975 was R1000 van 'n individu nogal baie geld."

**(e) Tant Annie Lombaard**

"Ek moet melding maak van 'n formidabele pragtige, energieke dame van Hartbeesfontein, tant Annie Lombaard (nou oorlede).

"Een middag vanaf Sannieshof op pad na Potchefstroom het ek by haar huis gestop (in die hoofstraat van Hartbeesfontein). Sy het self die deur oopgemaak en die gesprek het min of meer soos volg verloop:

"Sy: 'Ja Meneer? Kan ek iets vir jou doen?'

"Ek: 'Tannie Annie Lombaard?'

"Sy: 'Ja, ja. En vanwaar is u Meneer?'

"Ek: 'Potchefstroom Universiteit. Tannie ek ...'

"Sy: 'Kom jy geld vra?'

"Ek: 'Ek? Tannie? Nooit? Kom net kennis maak.'

"Sy: 'Wel Meneer, bly te kenne op my verjaardag. Sien jy die mense daarbinne? Hulle is almal mense wat ondersteuning nodig het. Kom binne en kry 'n stukkie koek.'

"Later het ek verneem dat 'die mense' verteenwoordigers was van verskeie welsynsorganisasies. Tannie Annie Lombaard het elke jaar aan al hierdie organisasies geskenk.

"En so het ek 'n vrou ontmoet wat 'n groot indruk op my gemaak het. Sy het gevoel sy wil 'n bydrae aan die gemeenskap lewer op vele terreine en dit sê nogal baie veral in 'n land waar 'n gee-kultuur nie sterk ontwikkel is nie.

"Op 'n dag het ons besluit dat Hartbeesfontein gereed was om 'n aksie te loods. Ons kontakman was ds. Van Rooyen van die NG Kerk. Die fondswerwingsaksie was nie 'n groot sukses nie. Na die aksie het ons ons donateurs na die Boeresaal genooi vir 'n klein onthaal. Tant Annie wou om die dood nie die onthaal bywoon nie. Ek het gepleit en gesoebat en uiteindelik het sy ingewillig.

"Nadat prof. Tjaart van der Walt die donateurs toegespreek het, het sy my eenkant geroep. 'Chris, het julle genoeg geld in Hartbeesfontein ingesamel?'

"Ek was te skaam om nee te sê en het toe maar geantwoord dat dit beter kon wees.

" 'Jong', het sy gesê, 'daardie man het so mooi gepraat, kom more-oggend na my huis dan gee ek julle R5000". R5000 in 1975 en dit van 'n individu! Ja, tant Annie Lombaard was net anders.

"Vroeg die volgende oggend het ek met 'n reuse blommerangskikking in my Volksie na Hartbeesfontein vertrek. Daar aangekom moes ek verneem dat sy êrens in die dorp was, maar op die kombuistafel was die tjekkie met R5000 – 'n wonderlike vrou, die tant Annie Lombaard."

**SKOOLBESOEK**

"Oom Carools Reinecke, destyds adjunk-direkteur van Openbare Betrekkinge en vader van eerstydse rektor CJ Reinecke, het my baie gou onder sy vlerke geneem en verduidelik wat ek veronderstel is om te doen. Dit was baie jammer dat my werksaamhede saam met hom so kortstondig was want hy het na 10 jaar wat hy by die PUK werksaam, besluit om 'n beroepsverandering te maak – en dit op die ouderdom van 65 jaar!

" 'Windell', het hy gesê, 'ons moet studente werf!' (Hy het my altyd Windell genoem maar Chris nadat hy in 1975 afgetree het). 'Ons vertrek Maandagoggend na Viljoenskroon. Ek kry jou om ses-uur by die stadsaal.'

"En so is oom Carools, Zacharias (sy motorbestuurder) en ek na Viljoenskroon, Vierfontein en Kroonstad. Dit was as 't ware my inlywing. Oom Carools het gewerk, beplan en dinge uitgevoer tot op die sekonde. Dit is regtig so. Ons kry mekaar by die stadsaal om 06:00, dan is ons om 06:50 in Viljoenskroon, dan praat hy met die kinders tot 07:25, dan vertrek ons na Kroonstad vir ontbyt, ens. Alles tot op die minuut.

**Nie tyd vir praatjies nie**

"By een so 'n skool het ons die werk afgehandel. Die hoof van die skool, 'n stadigbewegende, kalm en rustigpratende man het ons op die voorstoep van die skool kom afsien. Ek sal die hoof se een sinnetjie nooit vergeet nie …

" 'Oom Carools', het hy gesê, al wiegende op sy voete, 'my dogter is by julle op die PUK en …' Toe ek weer sien, het oom Carools sy tas vasgevat en daar trek hy na sy motor toe. Wat hom aanbetref is sy werk klaar.

"Oom Carools was amper in die motor toe staan ek nog by die skoolhoof. Al stamelende het ek maar ge-'oe' en ge-'aa' en gevra in watter koshuis sy is, heel tyd al mikkende na die motor. Toe ek uiteindelik uitasem in die motor induik het oom Carools net geglimlag.

" 'Toemaar Windell, ek moet maar altyd vinnig hier wegkom. Ons het nie tyd vir praatjies nie – die volgende skool wag.'

"Energieke, sorgsame en bedagsame oom Carools. Altyd aan die gang, nuwe idees, nuwe planne, nuwe drome …

**Volle spyskaart**

"Die een- of tweemaal wat ek saam met oom Carools ontbyt of middagete geniet het, het hy tot my verbasing gesê: 'Windell, of jy honger is of nie, jy neem die volle spyskaart.'

"Aanvanklik het ek nie geweet wat oom Carools bedoel het nie, maar vinnig vasgestel dat die ontbyt-eiers, wors en roosterbrood wat ek eenkant gelaat het in een van sy tupperware bakkies beland het – vir Zacharias. Op hierdie wyse het Zacharias geen uitgawes aangegaan nie en sy volle toelaag ontvang. Ek het later verneem dat Zacharias van hierdie geld gebruik het om sy seun aan die Universiteit van die Noorde te laat studeer.

**Praat oor die lewe**

"By al die skole het oom Carools die geleentheid gekry om die leerlinge toe te spreek. Ek sien sy optrede vandag nog helder voor my geestesoog.

"As hy op daardie verhoog klim, en hy laat sy kop so bietjie sak en hy begin praat kan jy 'n speld hoor val. O nee, hy het nie oor die PUK gepraat nie. Met die wangetjies wat so liggies gedril het terwyl hy praat het hy verwys na die vroeë oggend ontwaking van die natuur, die blomme, plante, bevrugting, die lewe en dit dan stelselmatig teruggebring na die ontwaking van die jeug, besluitneming, koers, die mens, jou afhanklikheid van jou Hemelse Vader, studie, ens. Hy het die gehoor van leerlinge absoluut gemesmeriseer, hulle omvou in sy vertellinge … en dan opgehou!

"Klokslag was daar so 'n stilte van 'n paar sekondes en dan het applous losgebars.

" 'Windell', het hy dikwels gesê, 'hulle weet mos ek is van die PUK. Ek hoef nie oor die PUK te praat nie. Die brosjures kan hulle meer vertel. Ek sal met hulle oor die lewe praat.'

"En dan, amper koorsagtig vinnig, deel hy gou die navraevormpies uit, gryp sy tas, groet die hoof en reguit motor toe – waar Zacharias geduldig sit en wag – en ek uitasem agterna.

"Soms het ek heimlik vir hom geglimlag want hy het selde met 'n langbroek gereis. Wanneer ons 'n dorp uitry het oom Carools vinnig, sommer so in die ry, sy langbroek met 'n korte vervang en sy langbroek netjies oor 'n hanger opgehang. "Mens kom nie by 'n skool aan met 'n verkreukelde broek nie", het hy gesê.

" 'Windell', sê hy by geleentheid, "wil jy nie die volgende sessie by die skool waarneem nie?' Ek het my amper doodgeskrik.

" 'Oom Carools, nee. In oom se teenwoordigheid sal ek liewers vorms uitdeel.'

"Maande later het ek my eie aanbiedings by skole gedoen – maar altyd so half met oom Carools in my geestesoog. En dit was met warmte, eerlikheid, entoesiasme en toegewydheid."


Oom Carools doen skoolbesoek



# 3.11 Koue water vir dr Kaunda!

Chris Windell, kranige skakelman van die PUK vir baie dekades lank, het 'n besondere ervaring beleef, naamlik om die eertydse Zambiese president, dr Kenneth Kaunda, in sy (Chris se) motor van en na die destydse Jan Smuts-lughawe te vervoer en om vir meer as twee dae na sy belange om te sien. Maar laat hy liewer self vertel:

"Dr Bennie van der Walt, destydse Direkteur van die Instituut vir Reformatoriese Studies het vanaf 27 April tot 1 Mei 1992 die Pan Afrika Konferensie aangebied. Die hoofspreker sou dr Kenneth Kaunda wees wat toe so pas afgesit is as President van Zambië. Ek en mnr Theo Cloete, van die destydse Departement Openbare Betrekkinge, se taak was om dr Kaunda, sy ministers van buite- en binnelandse sake en natuurlik sy lyfwag by die destydse Jan Smuts Lughawe te gaan ontmoet en na Potchefstroom te bring.



Kenneth Kaunda speel kitaar vir die PUKKE.

"Sover my wete strek, was dit die eerste keer dat dr Kaunda buite die grense van die lughawe sou beweeg – en dit na Potchefstroom!

"Ons het om 16:00 by die lughawe se BBP-sitkamer gearriveer en die geselskap van Zambië was ietwat laat. Ons gasspreker moes natuurlik reeds om 19:00 by die Banketsale in Potchefstroom wees. Daar was ongeveer ses verkeerspolisie van Johannesburg teenwoordig. Ons sou baie vinnig agterkom wat hulle doel was.

"En, daar verskyn dr Kaunda en sy gevolg. Dr Kaunda sonder 'n paspoort. Ek moet sê, ek was nogal senuweeagtig. Ons het eers koffie geniet (dit het my R34 gekos vir 12 koppies koffie) en toe begin die onvergeetlike rit na Potchefstroom.

"Dr Kaunda het voor langs my gesit en sy lyfwag met 'n tas (wonder wat was in die tas, *maar* kon raai). Die twee ministers saam met Theo.

"Voor my, met my 730 BMW *hoflikheidsmotor* van BMW, was twee blitspatrollies, dan Theo met sy Audi en dan nog 'n blitspatrollie. En daar trek ons weg uit Jan Smuts met skreeuende bande en loeiende sirenes. Theo en ek was aanvanklik skrikkerig, maar soos enige jongman, begin ons dit toe geniet! Stel jou voor, ons jaag oor die snelweë van Johannesburg teen 150 tot 160 kilometer per uur en dit in spitsverkeer om 17:00! Die voorste twee blitspatrollies het bloot eenvoudig net die verkeer na links gedwing met hulle sirenes en langs my sit die eks-president komkommerkoel en is net in vervoering oor die pragtige toestand van ons paaie.

"By Zuurbekom, net anderkant Soweto, het 'n patrolliemotor van Potchefstroom ons ingewag en sonder om te stop is ons, somtyds met 'n snelheid van 180 kilometer per uur net vort na Potchefstroom. Mensig, dit was gevaarlik lekker. Net vir die rekord – ons het Jan Smuts om vyfuur verlaat en een minuut voor sesuur by Joostestraat se Gastehuis gestop – 59 minute. Theo Cloete het later gesê sy Audi het omtrent 'n uur in die Kelder gestaan en bewe in die afkoelingsproses.

"Om 18:45 was ek weer gereed om die gevolg na die Banketsale te vervoer.

"Met my aankoms by die Gastehuis het dr Kaunda in sy tradisionele militêre pakkie en wit sakdoek my ontvang.

"Die volgende gebeurtenis sal ek ook nooit vergeet nie. By die ingang van die Gastehuis, in die tuin is daar 'n boom en op een van die boomtakke het 'n wit duif gesit. Dr Kaunda het stadig na die duif gestap, hom in sy hande geneem, hemelwaarts opgegooi en gesê: "May there be peace in this country".

"Toe hy in die motor inklim het hy my versoek om die verwarmer aan te skakel, "because my fingers feel numbed. I had a cold bath".

"Later die aand na die banket het ek aan my vrou genoem dat hy 'n merkwaardige man is wat nie drink nie, gholf speel en boonop koue baddens neem. Tipies vrou, het sy my gevra of die geyser aangeskakel was. Wragtig, ek het nie! In al ons reëlings het ons dié item vergeet. Ek het die volgende oggend mooi om verskoning gevra.

"Die banket was baie geslaagd, dr Kaunda het kitaar gespeel en 'n baie lang gebed gedoen. Dié aand het Awie van Wyk se koor die eerste keer Nkosi Sikelelie in Afrikaans gesing.

"Die volgende oggend na ontbyt is ons na die destydse Boskop Opleidingsentrum. Met ons aankoms het ons die boodskap gekry dat Penny Smythe van die SAUK graag 'n onderhoud met hom sou wou doen.

"Die resultaat? 180 kilometer per uur na die SAUK, dertig minute onderhoud en teen dieselfde spoed terug want dié middag speel hy gholf by die Potchefstroomse Buiteklub.

"Die volgende is nogal humoristies: Bykans tien dae voor dié dag, bel ek oom Sarel Coetzee by die gholfwinkel om 'n wedstryd te reël.

"Die gesprek het min of meer so geklink:

"Chris: 'Oom Sarel, ek wil graag 'n game reël vir die President van Zambië, dr Kaunda, twee van ons professore en 'n swart sakeman van

Soweto.'

"Oom Sarel: 'Wat! Is jy ernstig?'

"Chris: 'Ja oom.'

"Oom Sarel: 'Goed. Kom maar.'

"Ek kon aan sy stemtoon hoor hy het my nie geglo nie.

"Dieselfde middag stap dr Piet Bruwer, destyds van Ekonomiese Wetenskappe daar in en oom Sarel sê:

"Piet, 'n joker hier by die Universiteit, ek dink sy naam is Chris Windell wil 'n game reël – nogal vir President Kaunda. Kan jy glo? Dr Bruwer het aan hom genoem dat ons Departement nogal somtyds snaakse dinge aanvang en hy moet net bel om seker te maak. Hy het en die spel is toe bevestig.

"Die ander spelers was:

"Proff. Antoon Goossens en Anton Dreyer, beide van Fakulteit Aptekerswese; mnr George Sibiya, sakeman van Soweto en eggenoot van me. Eunice Sibiya, destyds korporatiewe hoof van Coca-Cola. Sy het die middag saamgestap. My seun, Neville, was dr Kaunda se baljoggie. Om alles te kroon, het dr Kaunda die middag gewen.

"Oppad na die Gastehuis het my seun aan my genoem dat die President speel met te veel stokke in sy sak – die maksimum toelaatbaar is 14 stokke. Dr Kaunda het skalks geglimlag en aan sy lyfwag gesê: "Take note."

"Die aand het die Stadsraad van Potchefstroom 'n dinee aangebied ter ere van die eks-president.

"Die volgende dag was 'n vakansiedag. Die program was dat ek na ontbyt vir dr Kaunda na die Holiday Inn naby die lughawe sal neem, want presies om 12:00 ontmoet hy die SA Minister van Binnelandse Sake, mnr Pik Botha. Om alles te kroon sou mnr Pik Botha op daardie stadium besig wees met dr Kaunda se opvolger by die BBP-raadskamer en die versoek was dat ons asseblief nie vroeër moet arriveer nie. Dink net aan die chaos as die twee presidente verby mekaar stap.

"Ek het van die geleentheid gebruik gemaak om van die PUK se donateurs en vriende na die hotel te nooi waar dr Kaunda hulle sou toespreek. Daar het ongeveer tagtig gaste opgedaag.

"Maar eers terug na die oggend se ontbyt. Dr Kaunda se lyfwag het my meegedeel dat die President oogprobleme het en of ek nie 'n afspraak kan reël met 'n oogkundige nie. Ek het van die Hennie Bingle Studentesentrum na my kantoor gehaas en toe vir Van Graan, die oogkundige gebel. Hy wou my uiteraard nie glo nie en het uiteindelik ingestem dat ons om 09:00 by sy spreekkamer moes wees. Met die noual gebruiklike skreeuende remme, het ons voor die spreekkamer gestop. Dr Kaunda het ses pare brille bestel en dit het mnr Van Graan omtrent nege maande geneem om sy geld terug te kry.

"Na ontbyt is ons oppad na die Holiday Inn. By die verkeerslig by KFC moes ek stop en 'n kombi vol swart mense het langs ons stilgehou. Hulle het heel verveeld gesit en rondkyk totdat hulle oë op hom geval het. Die kombi het amper omgeval soos hulle te kere gegaan het. Dr Kaunda het net liggies met sy wit sakdoekie gewuif.

"Met die gebruiklike spoed is ons na die Holiday Inn. My gaste was nogal beïndruk met die PUK om dr Kaunda vir twee en 'n half dae as gas te kon hê.

"Om ongeveer 11:15 het ons gaste vertrek en toe sit ek met die probleem. Dis ongeveer een kilometer na die BBP-raadsaal en mnr Pik Botha is nog in sessie. Dit was die langste 45 minute in my lewe. Ek het dr Kaunda amper gedwing om toilet toe te gaan, rondgedwaal, ontvangs toe geloop om konsuis die rekening te betaal, ensovoorts. Om 11:45 het ons teen 10 kilometer per uur na die lughawe gery en om drie minute voor twaalf was ons by die BBP-raadsaal, waar mnr Pik Botha ons gelukkig ingewag het. Ons het amper hartroerend van mekaar afskeid geneem – selfs met drukkies.

"Met dieselfde spoed, so ongeveer 160 tot 180 kilometer per uur is ek terug na Potchefstroom om 'n maand daarna 'n boete te ontvang. My pleidooi dat ek toestemming van beide Johannesburg en Potchefstroom Stadsrade het om teen dié spoed te ry, is goed ontvang – net dat dr Kaunda toe nie saam met my in die motor was nie.

" 'n Laaste indruk: Dr Kaunda se twee ministers en sy lyfwag het in hulle stil tydjies groot somme geld bestee op lekkergoed, ontsmettingsmiddels en ander spuitmiddels, veral vir varke.


"Om vir twee en 'n half dae die persoonlike assistent van dr Kaunda te kon wees, was 'n belewenis, veral as 'n mens in gedagte hou die persepsies wat rondom hom gebou was."

# 3.12 Agter 'n gordyn, en "In absentia"!

Dat 'n man agter 'n gordyn, afgeskeie van die res van die "studente-in-verdrukking" jou eksamenvraestelle moet skryf … en as jy dan slaag, jou welverdiende graad nie self mag gaan afhaal nie maar dit ewe vroom "in absentia" na jou toe moet laat aanpos …

Dit klink heel gek, né? Raar … maar tog waar!

Dié man, Simon McDover Mohau Lekhela, se naam is juis daardeur diep ingegriffel in die annale van die PUK. Op 14 Mei 1949 is inderdaad geskiedenis gemaak toe hy die graad BA Honneurs in Geskiedenis deur die PUK verwerf het. Ja, "deur die PUK", want grade is destyds, vóór selfstandigwording, deur en in naam van die Universiteit van Suid-Afrika uitgereik.




Simon Lekhela tydens 'n besoek aan die PUK in 2000.

Simon Lekhela het sy BA-graad in 1941 deur die Universiteit van Suid-Afrika verwerf en het in 1945 vir nagraadse studie aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys ingeskryf. Dit was nie sommer net 'n normale inskrywing nie: spesiale verlof is van senaatskant aan dosent dr DW Krüger verleen om leiding aan Lekhela as "nie-blanke student" te verskaf, maar as "eksterne student" en wel vir die MA-studie in Geskiedenis. In Maart 1949 kon Krüger rapporteer dat Lekhela die interne vraestelle vir die Honneurs-graad met goeie gevolg afgelê het.

Maar Lekhela was nie die eerste "anderskleurige" wie se naam in die PUK se gradedagprogramme pryk nie. Vanweë die federale karakter van die Universiteit van Suid-Afrika het dit soms gebeur dat eksterne studente wat aan ander universiteitskolleges studieleiding ontvang het, hulle grade tydens plaaslike gradeplegtighede in ontvangs kon neem. Die gangbare beleid van die moeder-instelling destyds was egter "dat nie-blankes nie tot die promosie-plegtighede van die samestellende kolleges toegelaat sal word nie". En só, nadat dubbeld seker gemaak is dat die betrokke persoon nie aanwesig sou wees nie, is daar inderdaad reeds in 1942 tydens die gradeplegtigheid op Potchefstroom 'n BA-graad toegeken aan Moëketse Daniël Mohapeloa.

Nou eers weer terug na Lekhela, wat studieleiding ontvang en dus, wat dit altans betref, 'n volwaardige PUK-student was.

Simon Lekhela was ten tye van sy inskrywing by die PUK hoof van die Tlokwe Hoërskool, van welke hy ook die stigter was enkele jare tevore. Hy het in 1955 sy MA-graad in Geskiedenis aan die Universiteit van Suid-Afrika verwerf, weer onder leiding van (nou) prof DW Krüger. Hy bevind hom later, uit protes teen die rassebeleid van die Nasionale regering, in Ghana, Nigerië en London, waar hy steeds in verskeie hoedanighede in die akademie betrokke bly, voordat hy deur bemiddeling van destydse president Lucas Mangope na Suid-Afrika terugkeer en tot in 1983 as navorser in die Instituut vir Afrika-studies aan die Universiteit van Boputathswana (UNIBO) werksaam was.



DW Krüger … studieleier én rolmodel vir Lekhela


Lekhela se "lot" moet gesien word teen die agtergrond van die historiese ontwikkeling van die PUK as Afrikaanstalige blanke Christelike instelling vir tersiêre onderwys in 'n tyd en oor 'n tydperk toe rasseskeiding oftewel segregasie oftewel apartheid die gangbare beleid was vir die reël van volkereverhoudinge in Suid-Afrika, 'n beleid wat, volgens die aanhangers daarvan – en hieronder nie minder nie feitlik een en almal aan die PUK – juis daarop gemik was om in die toekoms vreedsame bestaan en naasbestaan moontlik te maak en vir elkeen, binne volksverband, 'n plek in die son te bewerkstellig. Die interim

maatskaplike, sosiale en politieke uitwerkinge van hierdie beleid het baie mense op baie maniere geraak, sommiges meer en intenser as vir andere.

In die geval van Simon Lekhela het hy op sy eie die voorligting en studiehulp van die energieke prof Daantjie Krüger ontvang, heel waarskynlik in die studeerkamer van die professor. En hy onthou, met 'n ironiese laggie, hoedat hy destyds in dieselfde lokaal as sy medestudente Tjaard Barnard, Johannes Goosen, Jacobus Jacobs, Barend Kruger, Hermanus Wallis en Tobias Winterbach eksamens geskryf het. Skynbaar in 'n heel gemoedelike stemming ook!

Van sy kant was daar ook groot erkentlikheid teenoor die PUK en sy personeel. In die voorwoord tot sy MA-verhandeling (1955), wat hy onder vaandel van UNISA voltooi het, betuig hy spesiale dank aan professor Krüger en die destydse bibliotekaris, mnr HC van Rooy, vir hulp en leiding met sy studies. 'n Spesiale woord word gerig tot mnr. Van Rooy "for the monetary and other assistance he procurred for me from his colleagues at the university to enable me to complete my work". Die vermaarde Potchefstroomse historikus, DW Krüger, sou vir Lekhela lewenslank 'n rolmodel wees.

Die kanseliersmedalje van die PUK is in 1994 aan hierdie uitsonderlike oud-student van die PUK toegeken.



Toekenning van Kanseliersmedalje aan Simon Lekhela.

# 3.13 Verstrooide professore ...

Dit is dalk heel gepas om hierdie afdeling met hierdie besondere tema af te sluit. Ek wou reeds vroeër, verskeie kere, hieroor gehandel het, maar telkens was dit maar weer uit die kop uit …

Ag jislaaik, waaroor wou ek nou geskryf het …???

O ja, nou val dit my skielik weer by: **verstrooide professore!**

**(a) Op pad klastoe …**

**Johan van Brakel** vertel dié een:

"Dis Augustusmaand 1951 en die noordwestewind waai sterk! Die tweedejaarsklas in Afrikaans-Nederlands is reeds in die 'oppersaal' van die ou hoofgebou. Sommige ouens staan op die balkon en rook. Die dosent, prof Gerrit Dekker, kom in 'n suidoostelike rigting aangestap na die hoofgebou.

"Hy wil sy sigaar aansteek maar die wind waai die vuurhoutjie telkens dood. Hy draai met sy rug na die wind, steek die sigaar aan en stap aan – weg van die hoofgebou.

"Gevolglik: geen klas daardie dag nie!"

'n Pragtige storie – maar 'n storie met 'n stertjie, 'n taamlik langerige stert.

Want daar is ook 'n ander variasie op dieselfde tema. Johann Bekker, student uit die laat-dertigerjare (soos trouens soveel ander studente), knoop dit vas aan prof HG (Henk) Stoker: op pad klas-toe in die hoofgebou, gaan staan hy skielik stil om sy pyp op te steek. Die wind pla en hy draai om, met rug wind se kant toe, steek dan aan … en stap aan na waar hy vandaan kom.

Bekker stel dit só, in sy herinneringe (1981): "Of het julle dalk gehoor dat dit 'n ander PUK-professor was? Nou die dag vertel 'n oud-Bloemfonteiner my presies dieselfde storie. Dit was prof Malan [AP Malan, 'n oud-PUK] van Bloemfontein. En Fanus Rautenbach vertel ook dieselfde een. Hierdie slag was dit prof DF Malherbe [UOVS]."


Dan wonder hy: "By watter universiteit gaan die insident nog uitslaan? Klassiek geword, dié verhaaltjie. Mens wonder of dit óóit plaasgevind het."

Johan van Brakel se weergawe, gekoppel aan die Augustuswinde van 1951 en die feit dat hy as tweedejaarstudent dit met eie oë aanskou het, besweer Bekker se bedenking en verleen PUK-outentisiteit aan die storie.


**(b) Die "twee-deur" motor**

Nog 'n goeie een is dié vertelling van **Paul (SJP – die ou president se name) du Plessis.** Geen twyfel hier, oor die gebeure self of oor die rolspelers nie! Paul is aan die woord:


"Ongeveer 1978 of 1979 het prof Ben Schutte, prof Jan van Wyk en ek 'n vergadering van die Koördinerende Komitee vir 'n Christelike Onderwysaksie by die Jan Smutslughawe (nou Johannesburg Internasionale Lughawe) gaan bywoon. Hierdie komitee was die breinkind van prof Schutte. Die komitee was ook betrokke by die reëling van die groot Afrikaner Onderwyskongres wat in 1980 in Bloemfontein gehou is.



Prof Gerrit Dekker




Prof HG Stoker



SJP (Paul) du Plessis

"Dit was in die dae toe tweedeurmotors redelik volop was, ook in die PUK se vloot. Ek as die junior lid van die geselskap het op die betrokke oggend die motor by die PUK gaan haal en laai toe eerste vir prof Jan van Wyk by sy huis in Van Rooystraat op. Daarna is ons na prof Ben se huis in Reitzstraat.




Proff BC (Ben) Schutte

"Ek gaan klop aan en kom terug saam met prof Ben. Intussen het prof Jan, wat 'n lang man was, agter in die motor geklim. Met die inklimslag sukkel prof Ben bietjie met die sitplek. Die sitplek word bietjie rondgeskuif totdat prof Ben gemaklik inkom. Prof Jan verduidelik dat hy aan die sitplek moes skuif in sy poging om agter in te kom want die rugleuning wil nie eintlik platslaan nie en die sitplek kan ook nie ver genoeg vorentoe skuif nie.

"Die reis verloop voorspoedig en by die lughawe parkeer ons onderdak. Prof Ben en ek klim uit maar prof Jan sukkel weer. Die rugleuning aan die voorste passasier se kant wil net nie platslaan nie. Ek probeer die rugleuning aan die bestuurder se kant, maar die wil ook nie. Ten einde laaste seil prof Jan met sy lang, maar gelukkig skraal, lyf oor die voorste sitplek uit. Na hy sy klere reggetrek het kry ons ons dokumente en ek moet die motor sluit. **Toe sien ek die motor het 4 deure!**

"Die lagbuie daarna was hard en aanhoudend."

### (c) Die "gesteelde" motor(s)




JH (Jan) van Wyk

Die storie van prof Lappies se gesteelde motor word nie net deur **Johan van Brakel** vertel nie, maar ook uit verskeie ander oorde bevestig. Dit word dus vir waarheid aanvaar – sonder om voor te gee dat iets soortgelyks nie ook met ander verstrooides aan die PUK of selfs aan ander kampusse kon gebeur het nie! Dit lui só:

"Prof FJ Labuschagne parkeer sy motor agter die hoofgebou. Ná klasse stap hy huistoe [in Molenstraat]. Die volgende oggend word sy motor uit die motorhuis vermis. Die saak word aan die polisie gerapporteer. Hy stap kampus toe.

Ná klas stap hy ingedagte om die hoofgebou en klim in sy motor en ry huistoe. Toe die polisie later die dag sy huis besoek [as deel van die roetine-ondersoek], staan die motor weer in die motorhuis."

Dit word byvertel dat die polisie nie alte gelukkig was met die professor nie!



Prof Lappies … motor is "gesteel"!

Inderdaad loop daar 'n byna soortgelyke storie oor prof HG (Henk) Stoker. Die storieverteller hierdie keer is **prof Ludwig Tönsing:**

"Toe die PUK nog jonk was, het elke dosent sy eie soetdoringboom gehad vir skaduparkering. Prof Henk Stoker het soms na die kampus geloop, soms gery. Toe "sy" parkeerplek een oggend beset was, moes hy noodgedwonge onder 'n ander boom heelwat verder parkeer. Aangesien sy parkeerplek leeg was na afloop van sy lesings, het hy tot die gevolgtrekking gekom dat hy die oggend seker maar gestap het.

"Na middagete moes hy dorp toe, maar sy garage was leeg. Ontsteld het hy die diefstal by die polisie aangemeld. Enkele dae daarna ontdek hy sy motor onder 'n afgeleë soetdoring op die kampus. Toe hy die middag dorp toe ry, wou die polisie hom [met die "gesteelde" motor] arresteer!"